# Die effek van ŉ kind se seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering

Charlene de Koker

BA (MW)

**Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad**

MAGISTER

in

**MAATSKAPLIKE WERK: IN FORENSIESE PRAKTYK**

in die

Fakulteit Gesondheidswetenskappe

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(Potchefstroomkampus)

Studieleier: Dr C Strydom

Mede-studieleier: Mev A Vermeulen

Potchefstroom 2010

**Hierdie skripsie word opgedra ter nagedagtenis aan**

**Florisa Visser**

**29/01/1981 – 14/07/2007**

// DANKBETUIGINGS

Besonderse dankbaarheid is verskuldig aan die volgende persone vir hul bydrae en ondersteuning tydens die voltooiing van my studies, sonder wie se insette en bydraes die studie nie moontlik sou gewees het nie:

- Aan my ouers vir die geleentheid wat hulle my gebied het om te kon studeer en aan my toekoms te bou, en vir al die ondersteuning en motivering tydens my studies.
- Daline, Ruan en Rozanne vir al die ondersteuning en belangstelling.
- Pieter baie dankie vir die laaste paar maande se ondersteuning en motivering.
- Dr C Strydom, my studieleier vir die voortdurende bystand, leiding en geduld tydens die voltooiing van my studies.
- Mev A Vermeulen baie dankie vir al die insette en waardevolle bydraes tot die studie.
- Mev C van der Walt vir die taalversorging.
- Mev M du Toit vir die formatering van die stuk.
- Al die respondente wat deelgeneem het aan die studie en die vrymoedigheid gehad het om oor die baie sensitiewe onderwerpe te praat.

# OPSOMMING

## DIE EFFEK VAN ‘N KIND SE SEKSUELE MISBRUIK OP DIE NIE-BESKULDIGDE OUER/VOOG SE PSIGO-SOSIALE FUNKSIONERING

**SLEUTELTERME:** forensiese maatskaplike werk, kind, nie-beskuldigde ouer/voog, psigo-sosiale funksionering, seksuele misbruik.

Die doelstelling van die navorsing was om die effek van die bekendmaking van ŉ kind se seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering te bestudeer.

Om hierdie doelstelling te bereik moes die volgende doelwitte behaal word:

- **Doelwit 1:** Om die reaksie van die nie-beskuldigde ouer/voog met die bekendmaking van die oortreding te bepaal.
- **Doelwit 2:** Om die mate waarin die ouer/voog se psigo-sosiale funksionering deur die bekendmaking van die seksuele misbruik beïnvloed is, te ondersoek.
- **Doelwit 3:** Om die invloed wat die bekendmaking van die seksuele misbruik op die betrokke kind en ouer/voog se verhouding uitgeoefen het, na te vors.
- **Doelwit 4:** Om die uitkoms van die gevalle na die bekendmaking van die seksuele misbruik te ondersoek en vas te stel of daar enigsins teen die beweerde oortreders opgetree is en of hulle enigsins wetlik vervolg is.

Die navorsing het primêr berus op in-diepte onderhoude met die nie-beskuldigde ouers uit die gevallelading van ŉ welsynsorganisasie in Randfontein. Die resultate van die navorsing is aan die hand van hooftemas en subtemas wat aan die vier doelwitte gekoppel is, weergegee.

Ten opsigte van tema 1 is bevind dat die meerderheid nie-beskuldigde ouers/voogde met die bekendmaking van die seksuele misbruik besonder negatief gereageer het, en dat hulle wel negatiewe emosies ervaar het.

Tema twee (2) se inligting is ook aan die hand van die selfontwerpte vraelys, soos na verwys in tema een (1), verkry. Die effek van die bekendmaking op die nie-beskuldigde ouers/voogde se psigo-sosiale funksionering is bestudeer. Daar is gevind dat hul psigiese, emosionele, finansiële en fisiese funksionering na die bekendmaking van die seksuele misbruik nadelig geraak is.

Tema drie (3) se inligting is ook bekom deur middel van die selfontwerpte vraelys soos reeds na verwys. Die verhouding en band tussen die betrokke kind en nie-beskuldigde ouer/voog is ondersoek. Daar is gevind dat die verhouding tussen die betrokke kinders en ouers/voogde na die bekendmaking van die seksuele misbruik nadelig geraak is, deurdat die ouers/voogde gevoelens van verwerping, woede, angs en depressie ervaar het.

Tema vier (4) se inligting is ook aan die hand van selfontwerpte vraelys ingewin, soos reeds na verwys. Die uitkoms na die bekendmaking van die seksuele misbruik is ondersoek. Daar is aandag geskenk aan die versorgingsposisie van die betrokke kinders na die bekendmaking asook aan regstappe wat in werking gestel is na die bekendmaking van die seksuele misbruik. Daar is gemerk dat die betrokke kinders se versorgingsposisies na die bekendmaking van die seksuele misbruik nie noemenswaardig geaffekteer is nie. Daar is verder gevind dat die nie-beskuldigde ouers/voogde nie voldoende regstappe in werking gestel het nie en dat die beweerde oortreders nie in al die gevalle wetlik vervolg is nie.

Samevattend kan gestel word dat daar uit hierdie navorsing bewys gelewer is daarvan dat die kind se seksuele misbruik ŉ nadelige effek het op die psigo-sosiale funksionering van die nie-beskuldigde ouer/voog.

# ABSTRACT

## THE EFFECT OF CHILD SEXUAL ABUSE ON THE NON-ACCUSED PARENT/GUARDIAN'S PSYCHO-SOCIAL FUNCTIONING

**KEY WORDS:** forensic social worker, child, non-accused parent/guardian, psycho-social functioning, sexual abuse.

The aim of the research was to study the effect of child sexual abuse on the non-accused parent/guardian's psycho-social functioning.

To reach this aim, the following objectives were set:

- **Objective 1:** To establish the non-accused's reaction to disclosure of sexual abuse of their child.
- **Objective 2:** To investigate the extent in which the parent/guardian's psycho-social functioning was influenced by the disclosure of the sexual abuse.
- **Objective 3:** To research the influence the disclosure of the sexual abuse had on the relationship between the child involved and the parent/guardian.
- **Objective 4:** To investigate the outcome of the cases following the disclosure of the sexual abuse and to determine whether actions had been taken against the alleged perpetrators and whether they were at all legally prosecuted.

The research was primarily based on in-depth interviews with the non-accused parents from the case loads of a welfare organisation in Randfontein. The results of the research were reported on, based on main themes and sub-themes linked to the four objectives.

Regarding theme one (1), it was found that the majority of non-accused parents/guardians reacted exceptionally negatively following the disclosure of the sexual abuse in that they experienced extremely negative emotions.

Theme two's (2) information was also obtained through the self-designed questionnaire. The effect of the disclosure on the non-accused parents/guardians' psycho-social functioning was studied. It was found that their psychological, emotional, financial and physical functioning was negatively affected.

Theme three's (3) information was also obtained by means of the self-designed questionnaire. The relationship and bond between the child involved and the non-accused parent/guardian was investigated. It was found that the relationships between the children involved and the parents/guardians were negatively affected following the disclosure of the sexual abuse in that they experienced feelings of rejection, anger, anxiety and depression.

Theme four's(4) was also obtained via self-designed questionnaires. The outcome of the disclosure was investigated. It was established that the caring situations of the children involved following the disclosure had not been significantly affected. Furthermore, it was found that the non-accused parents/guardians had not taken sufficient legal steps and that the alleged perpetrators had not been legally prosecuted in all the cases.

In summary it can be stated that this research has proven that the child's sexual abuse has a negative effect on the psycho-social functioning on the non-accused parent/guardian's functioning.

# INHOUDSOPGAWE


**DANKBETUIGINGS** ..... I

**OPSOMMING** ..... II

**ABSTRACT** ..... IV

**INHOUDSOPGAWE** ..... VI

**VOORWOORD** ..... VIII

**REDAKSIONELE BELEID** ..... IX

**DIE EFFEK VAN 'N KIND SE SEKSUELE MISBRUIK OP DIE NIE-BESKULDIGDE OUERS/VOOG SE PSIGO-SOSIALE FUNKSIONERING** ..... 1

**1. INLEIDING** ..... 1

**2. PROBLEEMSTELLING** ..... 2

**3. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE** ..... 7

3.1 DOELSTELLING ..... 7
3.2 DOELWITTE ..... 7

**4. SENTRALE TEORETIESE STELLING** ..... 7

**5. METODE VAN ONDERSOEK** ..... 7

5.1 LITERATUURSTUDIE ..... 7
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK ..... 8
*5.2.1 Die navorsingsontwerp* ..... 8
*5.2.2 Deelnemers* ..... 9
*5.2.3 Metode van data-insameling* ..... 10
*5.2.4 Prosedures* ..... 11
*5.2.5 Etiese aspekte ter sprake* ..... 11
*5.2.6 Dataverwerking* ..... 12

**6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE** ..... 13

6.1 SEKSUELE MISBRUIK ..... 13
6.2 FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK ..... 14
6.3 NIE-BESKULDIGDE OUER/VOOG ..... 14
6.4 PSIGO-SOSIALE FUNKSIONERING ..... 14
6.5 SEKSUELE OORTREDER ..... 14

**7. RESULTATE VAN DIE NAVORSING** ..... 15

7.1 PROFIEL VAN DIE RESPONDENTE ..... 15
*7.1.1 Verhouding van die nie-beskuldigde ouer/voog met die beweerde oortreder* ..... 15
*7.1.2 Geslag van die betrokke kinders* ..... 16
*7.1.3 Ouderdomme van die betrokke kinders* ..... 17
7.2 TEMAS EN SUBTEMAS ..... 17
*7.2.1 Tema 1: Reaksie van nie-beskuldigde ouer/voog met die bekendmaking van die seksuele misbruik.* ..... 18
7.2.1.1 Subtema 1: Wyse van bekendmaking ..... 18
7.2.1.2 Subtema 2: Reaksie en gevoelens met betrekking tot die bewusmaking ..... 19
*7.2.2 Tema 2:Impak van die bewusmaking van die seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering* ..... 23
7.2.2.1 Subtema 1: Impak op Psigiese Toestand ..... 23
7.2.2.2 Subtema 2: Impak op Emosionele Toestand ..... 25
7.2.2.3 Subtema 3: Impak op Finansiële Toestand ..... 26
7.2.2.4 Subtema 4: Impak op Fisiese Toestand ..... 27

*7.2.3 Tema 3: Impak op die verhouding tussen betrokke kind en nie-beskuldigde ouer/voog ... 28*
7.2.3.1 Subtema 1: Aard van die verhouding tussen betrokke persone voor die bekendmaking van die seksuele misbruik ... 28
7.2.3.2 Subtema 2: Aard van die verhouding tussen betrokke persone na die bekendmaking van die seksuele misbruik ... 29
*7.2.4 Tema 4: Uitkoms na die bekendmaking van die seksuele misbruik ... 32*
7.2.4.1 Subtema 1: Huidige versorgingsposisie van die betrokke kinders ... 32
7.2.4.2 Subtema 2: Regstappe na bekendmaking ... 32

**8. GEVOLGTREKKINGS ... 33**

**9. AANBEVELINGS ... 35**

9.1 ALGEMENE AANBEVELINGS OP MAKROVLAK ... 36
9.2 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE NIE-BESKULDIGDE OUER/VOOG ... 36
9.3 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE BETROKKE KIND ... 37
9.4 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN VERDERE NAVORSING ... 37

**10. LEEMTES ... 38**

**11. SAMEVATTING ... 38**

**12. BRONNELYS ... 42**

**LYS VAN GRAFIEKE**

**GRAFIEK 1: VERHOUDING VAN DIE NIE-BESKULDIGDE OUER/VOOG MET DIE BEWEERDE OORTREDER ... 15**

**GRAFIEK 2: GESLAG VAN KINDERS WAT SEKSUEEL MISBRUIK WAS ... 16**

**GRAFIEK 3: OUDERDOMME VAN BETROKKE KINDERS WAT SEKSUEEL MISBRUIK WAS ... 17**

**LYS VAN ADDENDUMS**

**ADDENDUM A: ONDERHOUDSKEDULE ... 46**

**ADDENDUM B: TOESTEMMINGSBRIEF ... 50**

**ADDENDUM C: VERKLARING VAN TAALVERSORGER ... 51**

# VOORWOORD

Hierdie manuskrip word in artikelformaat voorgelê in ooreenstemming met Reëls A.7.2.3 soos vervat in die Jaarboek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus, 2010). Die artikel voldoen aan die vereistes soos gestel deur Social Work / Maatskaplike Werk (kyk p ix).

Hierdie artikel tel 60 krediete uit 'n totaal van 188 vir die hele program.

# REDAKSIONELE BELEID

Die tydskrif Social Work / Maatskaplike Werk publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van die Maatskaplike Werk. Bydraes mag in Afrikaans of Engels geskryf word. Alle artikels moet vergesel wees van ʼn Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde nie.

Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na outeurs teruggestuur word indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie.

Artikels van minder as 2,000 woorde of meer as 10,000 woorde sal normaalweg nie vir publikasie oorweeg word nie. ʼn Disket met die teks, verkieslik in MS Windows, moet twee kopieë van die manuskrip vergesel.

Manuskripte moet in 12pt "Times Roman" dubbelspasiëring slegs op een kant van ʼn A4 bladsy getik word. Indien enigsins moontlik moet die manuskrip ook per e-pos versend word aan hsu@sum.ac.za.

Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied. Wanneer woordelikse sitate, feite of argumente uit ander bronne gesiteer word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van die publikasie, en bladsynommers tussen hakkies in die teks verskyn, bv. "..." (Berger, 1967:12).

Meer besonderhede omtrent bronne moet alfabeties volgens die vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn.

The Editor / Die Redakteur

Social Work / Maatskaplike Werk

Private Bag X 1/ Privaatsak X 1

7602 Matieland

South Africa / Suid-Afrika

# DIE EFFEK VAN ‘N KIND SE SEKSUELE MISBRUIK OP DIE NIE-BESKULDIGDE OUERS/VOOG SE PSIGO-SOSIALE FUNKSIONERING

Mej C de Koker, ŉ Meestersgraadstudent in Forensiese Praktyk aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en werksaam as maatskaplike werker by SAVF Potchefstroom Gesinsorg en gemoeid met Forensiese Maatskaplike werk in Potchefstroom, Noordwes.

Dr C Strydom, Lektor by die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Mev A Vermeulen, Bestuurder Kwaliteit: Akademiese Programme, Noordwes-Universiteit.

## 1. INLEIDING

Wanneer ŉ kind seksueel misbruik is, word sy/haar hele lewe en daaglikse funksionering omvergegooi. Eweneens word die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering negatief beïnvloed deur die bekendmaking van die seksuele misbruik. Die nie-beskuldigde ouer/voog se reaksie en optrede na die bekendmaking van die seksuele misbruik het ŉ groot en blywende uitwerking, positief of negatief, op die wyse waarop die betrokke kind die seksuele misbruik verwerk en die prosesse wat na die bekendmaking volg.

Die nie-beskuldigde ouer/voog se psigiese funksionering, hul emosionele funksionering, finansiële posisie en fisiese toestand word negatief beïnvloed deur die bekendmaking van die seksuele misbruik. Die ouer/voog se verhouding na en voor die bekendmaking van die seksuele misbruik dra ook baie spanning na die bekendmaking van die seksuele misbruik.

Hierdie artikel fokus op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering na die bekendmaking van seksuele misbruik van ŉ kind. Bogenoemde aspekte, soos reeds uiteengesit, is in die empiriese studie ondersoek.

Daar is gebruik gemaak van een-tot-een onderhoude en ŉ skedule met vrae wat die onderskeie aspekte dek. Die bevindinge van die studie word bespreek

en aanbevelings word aan die hand gedoen ten aansien van die hantering van die bekendmaking en die verbetering van prosesse word voorgestel.

## 2. PROBLEEMSTELLING

Meer as 16 miljoen (40%) van die inwoners in Suid-Afrika is kinders onder die ouderdom van 18 jaar, waarvan 16% onder die ouderdom van 5 jaar is en 23% tussen die ouderdomme 6 en 14 jaar (Pierce & Bozalek, 2003:819). Gedurende 2003 is ongeveer 55 000 verkragtingsake in Suid-Afrika gerapporteer. In meer as 15 000 van die sake was kinders die slagoffer van die verkragting. Mnr Charles Nqakula, voormalige Minister van Veiligheid en Sekuriteit, het aangekondig dat, tydens 2004-2005 se finansiële jaar, die getal drasties gestyg het na 22 486 gevalle van seksuele misbruik waarin kinders die slagoffers was. Volgens Reyneke en Kruger (2006:4) is daar meer as 60 kinders in Suid-Afrika alleen wat op ŉ daaglikse basis seksueel misbruik word. Slegs 6%-7% van die sake wat gerapporteer is, het tot suksesvolle vervolging gelei. Seksuele mishandeling van kinders word baie jare reeds wêreldwyd as ŉ probleem ondervind (Spies, 2009:15). Die seksuele mishandeling van kinders beïnvloed die betrokke kind se hele funksionering.

Eweneens beïnvloed die seksuele misbruik van ŉ kind die nie-beskuldigde ouer/voog se hele psigo-sosiale funksionering. Die nie-beskuldigde ouer/voog is volgens Doebler-Irvine (1996:40) die persoon wat verantwoordelik is vir die primêre versorging en welstand van die betrokke kind. Die ouer/voog moet op gereelde en konstante basis kontak hê met die betrokke kind en ŉ hegte band met die kind smee. Stiefouers, die lewensmaat van die ouer/voog, biologiese en aanneemouers asook pleegouers word beskou as die ouer/voog van die betrokke kind, mits hulle die ouerlike pligte, soos reeds beskryf, nakom. Volgens Doyle (1994:20) is die nie-beskuldigde ouer die persoon wat nie bewus is van die seksuele misbruik nie, of wat nie kan besef en/of erken dat die kind seksueel misbruik word nie. SA (2006:18) omskryf die take van die ouer/voog van ŉ kind soos volg:

- Voorsiening van ŉ veilige woning aan die kind,
- versekering van geskikte lewensomstandighede wat die kind se welstand en ontwikkeling sal bevorder,

- die bied van die nodige finansiële ondersteuning,
- beveiliging van die kind se welstand,
- beskerming van die kind teen misbruik, verwaarlosing, diskriminasie, uitbuiting en alle vorme van fisiese, emosionele en psigiese gevare, en
- algehele versekering van die beste belang van die kind ten opsigte van alle aspekte van die kind se versorging.

Calder (2000:155) is van mening dat die slagoffer se moeder in die meeste gevalle die nie-beskuldigde ouer/voog is. Die moeder is daarom die sleutelfiguur in die nawerking ("aftermath") van die kind se bekendmaking van seksuele misbruik. Die moeder se rol, reaksie en funksionering voor, na en gedurende die seksuele misbruik sal ŉ groot invloed hê op die betrokke kind.

Bolem en Lamb (2007:191) voeg die volgende by ten opsigte van die nie-beskuldigde ouer/voog: "Approximately one third of the non offending parents are scored as partially supportive or ambivalent towards their sexually abused children after the disclosure of the abuse." Die ouer/voog mag in sommige gevalle hom/haar aan die kind onttrek weens interne konflik wat hy/sy ervaar na aanleiding van die seksuele misbruik en die feit dat hulle die kind(ers) nie kon beskerm nie.

Die nie-beskuldigde ouer/voog word in baie gevalle gekonfronteer deur die seksuele misbruik van hul kind. Hulle is nie altyd voorbereid op, of gereed vir die gebeure wat volg nie en ervaar self gevoelens van depressie en hulpeloosheid. Bolem (2001:200) staaf hierdie stelling deur te noem dat die nie-beskuldigde ouer/voog ŉ gevoel van geweldige verlies kan ervaar as daar gevind word dat die kind seksueel deur ŉ gesinslid misbruik is.

Bolem (2001:200-202) en Calder (2000:186) klassifiseer die verlies wat deur die nie-beskuldigde ouer/voog ervaar kan word, in vyf groepe soos hieronder aangedui:

- Eerstens ervaar hulle ŉ gevoel van verlies rakende die persoon/geliefde wat van die seksuele misbruik beskuldig word. Die ouer/voog moet dus hul gevoel van liefde en vertroue vir die persoon teëstaan en hul pligte as ŉ ouer/voog teenoor die kinder(s) nakom en dié se veiligheid verseker.

- Tweedens kan die ouer/voog verlies van psigologiese welstand ervaar deur ŉ toestand van depressie te ontwikkel, selfmoordgedagtes en angsaanvalle te ervaar en hul rol as beskermheer en versorger te bevraagteken.
- Derdens kan die ouer/voog ook ŉ verlies van wetlike regte ervaar. Dit kan gebeur dat howe en die regstelsel mag ingryp, en dat die ouer/voog dan voel dat hulle nie meer in beheer is van hul eie gesin en lewe nie.
- Vierdens kan die ouer/voog ook finansiële verlies ly as die hoofbroodwinner van die gesin tronkstraf opgelê word.
- Laastens kan die persoon ook verlies van sosiale aspekte ervaar. As gesin mag hulle gedwing word om te verhuis, kinders sal hul skool moet verlaat of die gesin mag selfs deur die gemeenskap verwerp word.

Crosson-Tower (2002:335-336) onderskei ook tussen die volgende vyf teenstrydige emosies wat die nie-beskuldigde ouer/voog mag ervaar met die bekendmaking van ŉ kind se seksuele misbruik. Die emosies mag dit ook vir die ouer/voog moeilik maak om die kind te ondersteun en emosionele bystand aan haar/hom te gee:

- Die ouer/voog mag eerstens uitermatige skuldgevoelens ervaar.
- Tweedens mag die ouer/voog hulself blameer en verantwoordelik hou vir wat met die betrokke kind gebeur het. Volgens Manion, McIntyre, Firestone, Ligezinska, Ensom en Wells (1996:1096) mag sekere ouers self die blaam op die betrokke kind plaas; hulle projekteer dus die woede teenoor en haat vir die oortreder op hul eie kind.
- Derdens kan die ouer/voog moontlik nie daartoe in staat wees om die betrokke kind se pyn en emosies te identifiseer nie, weens hul eie geskiedenis van seksuele misbruik.
- Vierdens kan die ouer/voog ook ŉ gevoel van verwerping en verwyte teenoor die kind ervaar weens al die ontwrigting wat die ondersoek meebring.
- Laastens kan die ouer/voog ook ŉ gevoel van woede teenoor die oortreder opbou en oorweldig raak deur hul eie gevoelens van wraak – in so ŉ mate

dat hulle gerigtheid op die betrokke kind en die funksionering van ŉ gesinsisteem kwyt raak.

Die nie-beskuldigde ouer/voog is in die meeste gevalle minder ondersteunend teenoor die slagoffer as die oortreder ŉ eggenoot of manlike familielid is, as wanneer die seksuele misbruik deur ŉ vreemdeling gepleeg is. Dit kan bydra tot die kind se gevoel van isolasie, teleurstelling, gevoel van vrees en angs. Anon (2004:18) skryf die volgende in hierdie verband: "Non-supportive responses from mothers and negative responses such as anger, disbelief and blame, significantly increase children's distress."

Duncan (2001:268) beaam die stelling en staaf in hierdie verband dat die verbreking van die moederlike bande uiters traumaties vir die kind is en ŉ negatiewe uitwerking op die betrokke kind se neurologiese, emosionele en sosiale vaardighede het, wat op die lange duur ook heelwat probleme tot in volwassenheid vir die kind kan meebring.

In ŉ studie wat deur Le Roux en Ferreira (1999:137-147) uitgevoer is, is gevind dat die nie-beskuldigde ouer/voog ook dieselfde rouproses deurmaak, soos deur Kübler-Ross beskryf. Die professionele persone wat met die betrokke gesin gaan werk, sal ook bewus moet wees van die moontlike rouproses waarin die ouer/voog na die kind se bekendmaking van die seksuele misbruik mag verkeer.

Die verhouding tussen die nie-beskuldigde ouer/voog en die beskuldigde persoon kan ook ŉ groot rol speel by die reaksie van die ouer/voog wanneer die betrokke kind die seksuele misbruik aan hulle bekend maak. Calder (2000:200) skryf in hierdie verband dat die tipe verhouding wat die ouer/voog kies om met die beskuldigde persoon voort te sit, die bepalende faktor sal wees in die wyse waarop die nie-beskuldigde ouer/voog in staat sal wees om die kind te beskerm en hul veiligheid in die toekoms te verseker. Davies (1995:399) beaam die stelling en voeg ook by dat daar verskeie wyses is waarop die ouer/voog op die bekendmaking van die seksuele misbruik kan reageer. Hul reaksie kan wissel van oorbeskerming, aggressiwiteit en/of woede teenoor die betrokke kind tot selfs verwerping van die kind.

Die nie-beskuldigde ouer/voog mag in sommige gevalle wel bewus wees van die seksuele misbruik wat plaasvind, en deur wie, maar nie daarin slaag om die kind te beskerm nie.

Die gesin mag ook finansieël afhanklik wees van die oortreder, of fisies en emosioneel mishandel word of selfs deur die persoon gemanipuleer word.

In sommige gevalle wil die nie-beskuldigde ouer stilbly om hul eie belange te beskerm. Doyle (1994:107) skryf in hierdie verband die volgende: “Some may have suspected abuse or even known what was happening but tried to convince themselves that nothing untoward was going on.”

Baie kinders ervaar ook gevoelens van woede, haat, teleurstelling en wantroue teenoor hul ouers/voogde wat hulle nie teen seksuele misbruik beskerm het nie. Voices For Children (2000:1) staaf dat meer as 80% van seksuele misbruik nie deur vreemdelinge plaasvind nie, maar wel deur naby gesinslede wat gereelde en volle toegang tot die kinders geniet. Doyle (1994:108) meld ook in hierdie verband dat die oortreder in sommige gevalle die nie-beskuldigde ouer genader het – met leuens gelok het – om al hul stories te glo en sodoende veroorsaak het dat hierdie ouer van die betrokke kind vervreem geraak het.

Op hierdie wyse word die ouer/voog en die betrokke kind van mekaar geïsoleer en het hulle dus nie ’n goeie, sterk vertrouensverhouding nie en weet hulle dus nie hoe om mekaar te benader en te ondersteun nie. Anon (2004:8) maak die volgende stelling: “Sexual abuse does not take place in isolation, but within family context. The incident of sexual abuse can be seen as part of a circular pattern of behaviour; including not only the alleged victim; but also other family members such as the victim’s mother.”

Die navorser was van mening dat dit van belang was om die effek van seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog te ondersoek om sodoende te kon vasstel wat die nie-beskuldigde ouer/voog deurmaak en watter emosies hulle ervaar. Dit is dus noodsaaklik om die effek op die ouer/voog se psigo-sosiale funksionering te ondersoek.

Uit bogenoemde inligting ontstaan die volgende navorsingsvraag: Wat is die effek van die seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering.

## 3. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

### 3.1 Doelstelling

Die doel van hierdie navorsingsprojek was om deur middel van ŉ literatuurstudie en empiriese ondersoek vas te stel wat die effek van seksuele misbruik van ŉ kind op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering is.

### 3.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte was gestel:

- Om die reaksie van die nie-beskuldigde ouer/voog met die bekendmaking van die oortreding te bepaal.
- Om die mate waarin die ouer/voog se psigo-sosiale funksionering deur die bekendmaking van die seksuele misbruik beïnvloed is, te ondersoek.
- Om die invloed wat die bekendmaking van die seksuele misbruik op die betrokke kind en ouer/voog se verhouding uitgeoefen het, na te vors.
- Om die uitkoms van die saak na die bekendmaking van die seksuele misbruik te ondersoek en vas te stel of daar enigsins teen die beweerde oortreders opgetree is en of hulle enigsins wetlik vervolg is.

## 4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die kind se seksuele misbruik het ŉ effek op die psigo-sosiale funksionering van die nie-beskuldigde ouer/voog.

## 5. METODE VAN ONDERSOEK

### 5.1 Literatuurstudie

Volgens Strydom (1999:123-125) en Fouché en Delport (2005:123-125) is die bestudering van relevante literatuur noodsaaklik vir die duidelike formulering van die probleem. Die temas wat ondersoek was, sluit die volgende in: die reaksie van die nie-beskuldigde ouer/voog met die bekendmaking van die

oortreding, die mate waarin die ouer/voog se psigo-sosiale funksionering deur die bekendmaking van die seksuele misbruik beïnvloed is; die invloed wat die bekendmaking van die seksuele misbruik op die betrokke kind en ouer/voog se verhouding uitgeoefen het; en laastens om die uitkoms van die saak na die bekendmaking van die seksuele misbruik te ondersoek om sodoende vas te stel of daar enigsins teen die beweerde oortreders opgetree is.

Literatuur oor hierdie veld in die Suid-Afrikaanse konteks is egter nog relatief beperk en onbekend. Daar is meer inligting beskikbaar oor die effek van seksuele misbruik op die kind self, maar nie soseer oor die effek daarvan op die nie-beskuldigde ouer/voog nie.

Die Ferdinand Postma Biblioteek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit was as hoofbron benut om relevante literatuur te bekom. ŉ Verskeidenheid databasisse is geraadpleeg, naamlik Social Work Abstracts, Social Science Abstracts, EBSCHO HOST WEB, Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels, SCIENCE DIRECT, GOOGLE en YAHOO.

## 5.2 Empiriese ondersoek

### 5.2.1 Die navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is die proses waarvolgens data ingewin word om die hipotese ter sprake te ondersoek of die navorsingsdoel te verwesenlik (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:37). Rossouw (2003:83) beaam die stelling en voeg die volgende by: "Research is a systematic, methodical search for specific information about a precise, defined theme."

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering is benut. Creswell (2009:232) omskryf kwalitatiewe navorsing as ŉ wyse van bestudering en verkenning van die wyse waarop individue en/of groepe betekenis heg aan sekere probleme en uitdagings in hul omgewing. Die proses van kwalitatiewe navorsing behels die uitwerk van vraagstukke aangaande die probleem, die opstel van navorsingsprosedures, die verkryging en analisering van die data, identifisering van sekere temas, die skryf van ŉ verslag en laastens die implementering van die bevindinge. Rossouw (2003:163) omskryf kwalitatiewe navorsing soos volg: " Qualitative analysis is more suited to the

social sciences because, among other reasons, qualitative analyses provide a better understanding of sender intentions."

Primêr was die ondersoeker se navorsing verkennend van aard en sekondêr, beskrywend. Richard en Grinnell (2001:241) en Royse (2004:25) omskryf verkennende navorsing as die proses waardeur navorsing gedoen word oor ŉ navorsingsonderwerp waaroor daar baie min navorsing en inligting beskikbaar is. Die onderwerp word bestudeer en sekere hipoteses word saamgestel. Met die saamstel van die hipotese kan latere bestudering van die betrokke onderwerp in meer diepte bestudeer word.

Neuman (2000:22) definieër beskrywende navorsing soos volg: "Descriptive Research presents a picture of the specific details of a situation, social setting or relationship, and focuses on how and why questions." Die ondersoeker het dus ŉ meer in-diepte ondersoek gedoen oor die effek van seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog van die betrokke kind.

### 5.2.2 Deelnemers

Die deelnemers was deur middel van doelgerigte steekproeftrekking geselekteer. Creswell (2009:178) en Richard en Grinnell (2001:216) omskryf doelgerigte steekproeftrekking, as die doelgerigte selektering van individue vir die studie. Die bedoeling met kwalitatiewe studie is die doelgerigte selektering van navorsingsrespondente wat ŉ bydrae daartoe sal kan lewer om lig te werp op die probleemstelling van die ondersoek en bestudering van die navorsingsvraagstukke. Die tipe doelgerigte steekproef berus by die oordeel van die navorser.

Die ondersoeker was ten tye van die ondersoek werksaam by NG Welsyn Randfontein. Die ondersoeker het gebruik gemaak van haar en medekollegas se gevallelading om die nodige deelnemers vir die studie te verkry. As gevolg van die sensitiewe aard van die onderwerp was daar nie baie deelnemers beskikbaar nie; baie van die betrokke kliënte by die ondersoeker se kantoor was wel bewus van die seksuele misbruik van hul kinders voordat dit bekend gemaak is, en kon dus nie aan die ondersoek deelneem nie.

Twaalf deelnemers was by die ondersoek betrek toe data-versadiging bereik is. Hulle moes aan die volgende kriteria voldoen het om aan die ondersoek te kon deelneem.

- Hulle moes nie voor die bekendmaking van die oortreding bewus gewees het van die seksuele misbruik van die kind nie.
- Die voornemende deelnemer moes ŉ ouer of voog van die betrokke kind wees.
- Daar moes ŉ geruime tyd reeds ŉ standvastige, liefdevolle ouer-kindverhouding bestaan het tussen die ouer/voog en die kind voor die bekendmaking van die seksuele misbruik.
- Die kind wat misbruik was, moes volgens die Kinderwet gedefinieër kon word as ŉ kind.

### 5.2.3 Metode van data-insameling

Die navorsing het primêr berus op in-diepte onderhoude met die deelnemers.

In hierdie verband sê Greeff (2005:287) die volgende: "Interviewing is the predominant mode of data or information collection in qualitative research." Daar is gebruik gemaak van die ongestruktureerde een-tot-een onderhoudtegniek. Richard en Grinnell (2001:287) omskryf ongestruktureerde onderhoude as meer in-diepte onderhoude: "... unstructured interviews have the advantage of producing richly qualitative data at a more in-depth level of disclosure."

Deelnemers is die geleentheid gegun om oor hul ervarings van die bekendmaking van die seksuele misbruik en die effek wat dit op hulle lewe gehad het, te praat. Om te verseker dat die onderhoud ten volle benut was, is daar gebruik gemaak van die onderhoudproses soos deur Creswell (2009:130) uiteengesit.

Die ondersoeker het gebruik gemaak van ŉ skedule met vrae, wat met die deelnemers deurgewerk is, om sodoende aan hulle die nodige vryheid en geleentheid te gee om openlik en vrylik oor hul emosies te praat. Die ondersoeker het dus hoofsaaklik van oop vrae gebruik gemaak.

Die hoeveelheid onderhoude is grootliks bepaal deur die hoeveelheid en tipe inligting wat deur die deelnemers ingewin moes word. Daar is gepoog om ongeveer 1 tot 2 onderhoude met die deelnemers te voer.

### 5.2.4 Prosedures

- Daar is met die hoofkantoor van NG Welsyn in verbinding getree, en toestemming is verkry om die studie uit te voer.
- Ingeligte toestemming is van die ondersoeker se supervisor, mev M Jordaan by NG Welsyn, Randfontein, verkry om kliënte as deelnemers te betrek.
- Die deelnemers is ook voorsien van skriftelike besonderhede aangaande die studie, wat hulle in staat gestel het om ŉ ingeligte besluit te neem oor hul betrokkenheid by die studie.
- Die ondersoeker het die deelnemers telefonies genader om deelname te bewerkstellig en afsprake te reël.
- Die ondersoeker het van persoonlike onderhoude gebruik gemaak om al die nodige inligting in te samel.
- Die onderhoude is op band opgeneem nadat respondente toestemming daartoe verleen het.

### 5.2.5 Etiese aspekte ter sprake

Creswell (2009:87-93) beskryf al die belangrike etiese aspekte waaraan tydens die navorsingsproses gehoor gegee moes word. Die navorser moet die deelnemers beskerm, daar moet ŉ vertrouensverhouding tussen die navorser en deelnemers ontwikkel en die geldigheid en integriteit van die navorser moet ook beskerm word. Dus is daar verskeie etiese aspekte wat in aanmerking geneem moes word met die opstel van die vraelyste vir die onderhoude, ten opsigte van die wyse waarop die data ingesamel is en rakende die wyse waarop die data geanaliseer en gestoor is.

Daar moet ook gekyk word na die deelnemers se privaatheid, anonimiteit en konfidensialiteit in die publisering van die bevindinge.

Die navorser het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die deelnemers wanneer die navorsing afgehandel is, naamlik om aan hulle die nodige tyd te gun om te ontlaai.

Richard en Grinnell (2001:58-69) beklemtoon die volgende belangrike etiese aspekte:

- Daar moet altyd opgelet word daarna dat die navorsing nie enige gevare vir die deelnemers inhou nie.
- Die deelnemers moet ingelig wees oor die omvang van die navorsing en moet op vrywillige basis instem tot deelname aan die navorsing.
- Genoegsame inligting rakende die navorsing moet aan die respondente voorsien word sodat hulle 'n ingeligte besluit kan maak.
- Deelname aan die navorsing moet vrywillig wees.
- Die deelnemers moet teen enige fisiese en psigiese gevare beskerm word.
- Die navorser moet te alle tye die deelnemers se privaatheid, konfidensialiteit en anonimiteit respekteer.

Die ondersoeker het gedurende die ondersoek doelbewus aandag geskenk aan al bogenoemde etiese aspekte. Etiese goedkeuring is ook van die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) verkry: Etieknommer: NWU- 00027-09-S1.

### 5.2.6 Dataverwerking

Die ingesamelde data van die onderskeie onderhoude met die ouers/voogde was per hand deur die ondersoeker verwerk aan die hand van die oop kodering tegniek. Deur gebruik te maak van die oop kodering tegniek was die data in kleiner dele verdeel en kernwoorde en konsepte daardeur verkry. Die doel van die oop kodering tegniek is om alle aspekte van die data wat ingewin is te ondersoek deur die data in kleiner dele te verdeel, eerder as om net te fokus op die hooftemas wat ondersoek is. Dus word alle moontlikhede ondersoek. Enige onduidelikhede sal in 'n latere stadium opgelos kan word deur verder ondersoek in te stel (De Jong, Monette & Sullivan, 2005:434).

Creswell (2009:184) beskryf data-analisering soos volg: "Data analysis involves collecting open-ended data, based on asking general questions and developing an analysis from the information supplied by participants. Die oop kodering tegniek behels die afbreek van die inligting in temas. Die temas word elk individueel bestudeer en ontleed. Die hooftemas word onderskei van die subtemas. Die hooftemas maak deel uit van die sentrale teoretiese stelling en die subtemas word gebruik om die probleemstelling mee te staaf.

## 6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

### 6.1 Seksuele misbruik

6.1.1 "... an activity, relating to the sex organs, engaged in for sexual gratification which takes advantage of, violates or deceives children or younger people." (Doyle, 1994:8.)

6.1.2 "A child (anyone under 16 years) is sexually abused when another person, who is sexually mature, involves the child in any sexual activity which the other person expects to lead to their sexual arousal. This might involve intercourse, touching, exposure of the sexual organs, showing pornographic material or talking about sexual things in an erotic way." (Baker & Duncan, 1985.)

6.1.3 Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:8) omskryf seksuele misbruik soos volg, "Die verskynsel dat kinders die slagoffer is van ouers, voogde, versorgers of ander persone wat hulle opsetlik fisies, psigiese en emosionele leed aandoen en soms ook seksueel misbruik of toelaat dat hulle seksueel misbruik word."

6.1.4 SA (2006:26) voeg die volgende by ten opsigte van seksuele misbruik van kinders, "... encouraging, inducing or forcing a child to be used for the sexual gratification of another person, using a child in or deliberately exposing a child to sexual activities or pornography and procuring or allowing a child to be procured for commercial sexual exploitation or in any way participating or assisting in the commercial sexual exploitation of a child."

Vir doeleindes van hierdie ondersoek word die volgende definisie vir seksuele misbruik aangewend:

6.1.5 “Any sexual exploitation of a child under the age of 16 for the sexual pleasure or gratification of an adult or significantly older person. This ranges from obscene telephone calls, indecent exposure and voyeurism such as spying on a child, undressing, to fondling, taking pornographic pictures, intercourse or attempted intercourse, rape, incest or child prostitution. It may be a single incident or events which occur over a number of years.” (Elliott,1986).

### 6.2 Forensiese Maatskaplike Werk

Forensiese Maatskaplike Werk word soos volg deur Weyers (2001) beskryf: “A specialised field of social work practice that is characterised by the social worker’s primary function of providing expert testimony in courts of law.”

### 6.3 Nie-beskuldigde ouer/voog

Volgens Doyle (1994:20) is die nie-beskuldigde ouer die persoon wat nie bewus is van die seksuele misbruik nie of wat nie kan besef en/of erken dat die kind seksueel misbruik word nie.

### 6.4 Psigo-sosiale funksionering

Psigo-sosiale funksionering kan beskou word as die totaal van die individu se aktiwiteite op alle vlakke van sy lewensbestaan; in interaksie met ander individue en situasies in sy geheelomgewing. Dit veronderstel dus interaksie, terwyl elke interaksie somaties en psigiese faktore enersyds en maatskaplike faktore andersyds weerspieël. ’n Persoon se psigo-sosiale funksionering kan slegs verstaan en verklaar word deur die bepaling van sy maatskaplike, somatiese en psigologiese faktore in hulle kombinasies (Van Rooyen & Combrink, 1980:54).

### 6.5 Seksuele oortreder

“The term sexual offender is largely a legal term used to label anyone who has committed a sexual offense that is characterized by the use of force or a threat to engage in a sexual act.” (Huss, 2009:125.)

## 7. RESULTATE VAN DIE NAVORSING

Die resultate uit die studie word vervolgens bespreek. Dit word gedoen aan die hand van die onderhoudskedule. Vier hooftemas met onderskeie subtemas is uit die studie ontwikkel. Die temas is aan die doelwitte gekoppel. ŉ Literatuurkontrole sal ook volg.


### 7.1 Profiel van die respondente

ŉ Profiel van die respondente word kortliks weergegee met die doel om ŉ beeld van die nie-beskuldigde ouers en hul kinders te vorm.

Twaalf respondente het aan die ondersoek deelgeneem, waarvan 11 vroulike respondente was en 1 manlik. Twee van die respondente was die betrokke kinders se materne grootouers. Die oorblywende tien respondente was die betrokke kinders se biologiese moeders. Die respondente was almal Afrikaanssprekend en reeds kliënte van die welsynsorganisasie.

#### 7.1.1 Verhouding van die nie-beskuldigde ouer/voog met die beweerde oortreder

**GRAFIEK 1: Verhouding van die nie-beskuldigde ouers/voog met die beweerde oortreder**





- Drie van die respondente was met die beweerde oortreder getroud.

- Een van die beweerde oortreders was aan die nie-beskuldigde ouer/voog verloof.
- In twee van die gevalle was die beweerde oortreder die materne en paterne oom onderskeidelik van die betrokke kinders.
- In een geval was 'n vriend van die gesin die beweerde oortreder.
- Drie van die betrokke kinders is deur ander kinders by die kinderhuis of onderskeie kleuterskole waar hulle skoolgegaan het seksueel misbruik.
- In twee gevalle was die betrokke kinders seksueel deur hul stiefvaders misbruik.
- In een geval was die beweerde oortreder die skoonseun van die nie-beskuldigde ouer/voog.
- Met die uitsondering van die gevalle waar die betrokke kinders by die kinderhuis of kleuterskool seksueel misbruik is, was al die beweerde oortreders mans. In die studie wat deur McCourt en Peel (1998) uitgevoer is, is daar ook gevind dat die meerderheid van alle seksuele oortreders wel manlik is.

### 7.1.2 Geslag van die betrokke kinders


**<u>Grafiek 2: Geslag van die betrokke kinders wat seksueel misbruik was</u>**



Drie seuns en nege dogters was seksueel misbruik. "... Boys as well as girls are the victims of sexual abuse, recent research suggests that sexual abuse of boys is grossly under reported and under recognised." (McCourt & Peel, 1998.)

### 7.1.3 Ouderdomme van die betrokke kinders

**<u>Grafiek 3: Ouderdomme van die betrokke kinders wat seksueel misbruik was</u>**




- Die betrokke kinders se ouderdomme het gewissel tussen 3 en 14 jaar, met 3 kinders wat nege jaar oud was.

### 7.2 Temas en subtemas

**Tabel 1: Temas en subtemas van die studie**

| Tema | Subtema |
|---|---|
| **Tema 1:** Reaksie van nie-beskuldigde ouer/voog met die bekendmaking van die seksuele misbruik | **Subtema 1**: Wyse van bekendmaking<br>**Subtema 2:** Reaksie en gevoelens met betrekking tot die bekendmaking |
| **Tema 2:** Impak van die bekendmaking van die seksuele misbruik op die nie-beskuldigde | **Subtema 1:** Impak op Psigiese Toestand<br>**Subtema 2:** Impak op Emosionele Toestand |

| | |
|---|---|
| ouer/voog se psigo-sosiale funksionering | **Subtema 3**: Impak op Finansiële Toestand<br>**Subtema 4:** Impak op Fisiese Toestand |
| **Tema 3:** Impak op die verhouding tussen betrokke kind en nie-beskuldigde ouer/voog | **Subtema 1:** Aard van die verhouding tussen betrokke persone voor die bekendmaking van die seksuele misbruik<br>**Subtema 2:** Aard van die verhouding tussen betrokke persone na die bekendmaking van die seksuele misbruik |
| **Tema 4:** Uitkoms na die bekendmaking van die seksuele misbruik | **Subtema1:** Huidige versorgingsposisie van die betrokke kinders.<br>**Subtema2:** Regstappe na bekendmaking. |

### 7.2.1 Tema 1: Reaksie van nie-beskuldigde ouer/voog met die bekendmaking van die seksuele misbruik.

#### 7.2.1.1 Subtema 1: Wyse van bekendmaking

*Respondent een* is deur die personeel van die Kinderhuis waar die betrokke kind woon, ingelig oor die seksuele misbruik aangesien die oortreding by die Kinderhuis begaan is deur van die ander kinders.

*Respondente twee en drie* was deur lede van hul gesin ingelig oor moontlike seksuele misbruik van hul kinders en het die saak daarna verder geneem.

*Respondente vyf en agt* is deur die Kleuterskoolhoof waar hul kinders seksueel deur medekleuters van die skool misbruik is, daarvan verwittig. In twee van die gevalle het die betrokke kinders die respondente slegs meegedeel van die seksuele misbruik nadat hulle die huis verlaat het en hul eie gesinne begin het. In een van die gevalle is die betrokke kind outisties en het die respondent deur middel van 'n mediese ondersoek vasgestel dat haar kind seksueel misbruik is.

In vier van die gevalle het die respondente hul kinders self gekonfronteer nadat hul gedrag verander het en die respondente moontlike seksuele misbruik begin vermoed het. Die kinders se reaksies en gedrag het na die

bekendmaking van die seksuele misbruik verander, wat gevolglik ook ŉ nadelige uitwerking gehad het op die wyse waarop die ouers/voogde op die bekendmaking van die seksuele misbruik gereageer het. Die kinders se gedrag teenoor en verhoudings met die nie-beskuldigde ouers/voogde het die gevoel van verwerping en mislukking as ouers/voogde by hulle laat toeneem.

Vier respondente het hul kinders se reaksies en gedrag na die bekendmaking van die seksuele misbruik soos volg verwoord:

- "My dogter het haar ten volle onttrek van my en kon my nie in die oë kyk nie."
- "Sy het net nie meer met my kom praat nie, ons was net nie meer geheg nie."
- "Sy was net anders en het my begin beskuldig vir alles wat verkeerd gegaan het in haar lewe."
- "Sy het haar in haar kamer toegemaak en wou niks van iemand in die huis weet nie, ons was baie na aan mekaar maar sy het my ten volle uit haar lewe uitgesluit."

#### 7.2.1.2 Subtema 2: Reaksie en gevoelens met betrekking tot die bewusmaking

Ses uit die twaalf respondente het baie negatief op die nuus van die seksuele misbruik van hul kinders gereageer. Wat egter bygedra het tot hul negatiewe ervaring was die feit dat hulle geen hulp ontvang het van medegesinslede nie, geen hulp by hul plaaslike Polisiekantore of Distriksgeneesheer nie en ook nie bekend was met die proses en prosedures wat gevolg moet word in die spesifieke geval nie. Die onsekerheid en onduidelikheid oor wat gedoen moet word, het vir ses van die respondente bygedra tot hul negatiewe ervaring van die situasie. Laasgenoemde kan beaam word deur ŉ studie wat gedoen is deur Lovett (2004:355), waarin die volgende gestaaf word: " The process of revealing the secret of abuse, and the response by caregivers and professionals, has the power to assist the victims with recovery or further traumatize them".

Lovett (2004:362) gaan verder deur daarop te wys dat dit die werk en verantwoordelikheid van die professionele persone is wat die nie-beskuldigde ouer/voog bystaan, om kennis te neem van die kliënt se reaksie en hulle by te staan en toe te sien dat hulle sekerheid bereik en nie rondbeweeg tussen wat en wie hulle glo en vertrou nie.

Die gevoelens en ervarings van die nie-beskuldigde ouers/voogde word baie goed deur een respondent saamgevat;

- “Ons was ten volle soos molle in die donker grond, ons het nie ŉ idee gehad wat of waarheen om volgende te gaan nie. Hulle het ons soos die oortreders laat voel, asof ons die oortreder was, geen, niks hulp is gekry nie.”

Vier van die respondente het egter apaties voorgekom en het geen emosies getoon met die bekendmaking van die seksuele misbruik nie.

- “Dit was net makliker om niks te voel nie op daai stadium. Ek wou net niks voel, om eintlik eerlik te wees.”
- “Ek was nie seker wat om te voel nie.”
- “Dit was net te onwerklik op daai stadium toe ek hoor, ek was net dood hier binne my, dood.”
- “Ek was besluitloos en net onseker wat om te doen oor die situasie.”

Die respondente se stellings en gevoelens kan bevestig word deur ŉ studie wat gedoen is deur Lovett (2004:364) waar die volgende gestaaf word: “Some mothers believe, and at the same time deny the reality of abuse, ‘wanting to hear it’ both from the child and perpetrator”. Vir baie van die ouers/voogde wat by die studie betrokke was, was dit baie moeilik om die realiteit van die seksuele misbruik te aanvaar en wou hulle eers die beweerde oortreder konfronteer en ook self hul gevoelens en gedagtes vir hulself uitpluis voordat hulle enige belangrike besluite geneem het. “Disbelief was an initial reaction.” (McCourt & Peel, 1998.)

Twee van die respondente het gestaaf dat hulle nie geweet het wat om te doen en/of hoe om te reageer nie. Die nie-beskuldigde ouers van die betrokke kinders het nie verwag dat hulle die nuus gaan ontvang dat hulle kinders

seksueel misbruik is nie. Dit was vir hulle ŉ baie groot skok en het ŉ groot en langblywende negatiewe uitwerking op hul lewe gehad. Nie een van die nie-beskuldigde ouers/voogde was voorberei op die trauma, keuses en emosies waardeur hulle gekonfronteer was nie.

Een van die respondente het ŉ lang geskiedenis met dobbelprobleme gehad en het teruggeval in haar ou gewoontes na die bekendmaking van die seksuele misbruik.

- "As ek dobbel, voel ek gelukkig en gemaklik, dit is die een plek waar ek wou gaan waar ek geweet het die nuus van my dogter my nie kan pla nie."

Een van die respondente het haar dogter nie geglo nie en gevolglik geen emosies getoon nie. In die studie wat gedoen is deur Lovett (2004:363) het sy gevind dat daar ŉ verband tussen die ouderdom van die betrokke kind wat seksueel misbruik word en die waarskynlikheid dat die ouer die aantygings gaan glo. Laasgenoemde stelling is bevestig in die studie wat gedoen is. Hierin is gevind dat die nie-beskuldigde ouers/voogde van die betrokke kinders meer ontvanklik was daarvoor om te glo dat seksuele misbruik van kinders wat nog jonk was, as van ouer kinders. Die ouers/voogde het meer ondersteunend opgetree teenoor hul jonger kinders as teenoor die ouer kinders.

Daar is ook gevind dat die verhouding en verwantskap van die beweerde oortreder met die kind ook bepaal of die ouer/voog die betrokke kind na die bekendmaking van die seksuele misbruik gaan glo en/of ondersteun.

In die studie wat deur die ondersoeker onderneem is, is gevind dat die ouers/voogde die waarskynlikheid van die seksuele misbruik eerder geglo het as die beweerde oortreder ŉ stiefvader was, ŉ materne/paterne oom en/of nie direk aan die gesin verwant was nie.

Tien van die respondente het aangedui dat hulle wel in ŉ mate oorgereageer het met die bekendmaking van die seksuele misbruik.

Hulle het uitermatige gevoelens van angs, woede, aggressie en spanningsaanvalle beleef. Volgens die respondente was dit vir hulle besonder moeilik om enige beheer oor hulle emosies en humeur uit te oefen met die

bekendmaking van die misbruik. Selfverwyt en gevoelens van mislukking as ŉ ouer/voog het ook onder die respondente voorgekom.

Van die respondente het die volgende in hierdie verband genoem:

- "Ek het al my moed vir die lewe verloor, ek wou nie aangaan nie, ek is nie ŉ ma werd nie."
- "Ek was so mismoedig en het gevoel of ek konstant gehuil het."
- "Hoe kon ek so blind gewees het, hoe was ek nie daar vir haar gewees nie?"
- "Hoe sal sy my ooit weer kan vertrou? Ek het haar op die slegste wyse ooit teleurgestel."

Die respondente se aanhalings word beaam deur die studie wat gedoen is deur Hill (2001:388) "... *the common core of their experience was an overwhelming feeling of guilt at their sense of their own failure as a mother."* In sommige gevalle sal die betrokke kind wat seksueel misbruik word, nie die misbruik bekend maak nie as hulle voel hul ouer/voog nie met die realiteit daarvan sal kan saamleef nie. Lovett (2004:367) wys in hierdie verband daarop dat dit vir die kind baie belangrik is om die ouer as bevoeg te beskou om aan hom/haar beskerming te gee na die bekendmaking van die seksuele misbruik; dit sal op sy beurt ook die band tussen die ouer en kind versterk.

In die studie wat gedoen is, is bevind dat in die gevalle waar die ouers na die bekendmaking van die seksuele misbruik nie baie ondersteuning aan hul kinders gebied het nie, die kinders baie moeilik aangepas het by die prosesse wat gevolg het. Daar is ook gevind dat die kinders die professionele mense moeilik geglo en vertrou het en baie selde goeie samewerking aan hulle gebied het. Die ouers se reaksie en uitlatings na die bekendmaking van die seksuele misbruik het wel ŉ negatiewe uitwerking gehad op die wyse waarop die betrokke kinders die seksuele misbruik verwerk het. Daar is bewyse wat daarop dui dat ŉ ondersteunende omgewing en atmosfeer die gehalte, akkuraatheid en hoeveelheid inligting wat die kind weergee, voordelig kan beïnvloed (Hershkowitz, 2009:172.)

Van die ouers/voogde was nie vir hul kinders beskikbaar nie en het nie die nodige ondersteuning aan hulle gegee nie. “The major life changes required after the discovery of sexual abuse entail a drastic re-thinking of personal and family life, a ‘psycho-social transition.” So meen McCourt en Peel (1998.) Na die bekendmaking van die seksuele misbruik het die onderskeie nie-beskuldigde ouers/voogde se daaglikse funksionering en psigo-sosiale omstandighede dramaties verander. Hul hele leefwêreld moes aangepas word.

### 7.2.2 Tema 2:Impak van die bewusmaking van die seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering

#### 7.2.2.1 Subtema 1: Impak op Psigiese Toestand

*Respondente nege en twaalf* het tekens van algehele negatiewe funksionering ervaar. *Respondent vyf* het uitgewys dat sy probeer kalm bly het om die kind se onthalwe en dat sy seksuele misbruik self ook vroeër deurgemaak het, en nie wou toelaat dat haar emosies dit vir haar kind nog moeiliker maak om die situasie te hanteer nie.

- “Ek moes kalm bly, ek kon nie toelaat dat my emosies en herinneringe van my verlede my kind beïnvloed nie. Ek moes haar eerste geplaas het.”

“Clinicians have speculated that a history of child sexual abuse makes it difficult for a woman to deal with current abuse of her child.” (Hiebert-Murphy, 1998:431.) Daar is in die ondersoek gevind dat die betrokke respondent, wat ook as kind seksueel misbruik is, dit baie moeilik gevind het om haar emosies te beheer. Al het sy baie hard probeer, vir haar kind se onthalwe. Die betrokke respondent was lank na die bekendmaking van die seksuele misbruik nog besonder emosioneel en het baie moeilik teruggekeer na haar daaglikse funksionering en huishoudelike take in en om die huis. In ’n studie wat deur Kouyoumdjian, Perry en Hansen (2009:57) gedoen is, is bevind dat die waarskynlikheid groot is dat ’n persoon wat as kind seksueel misbruik is, se kinders ook die risiko loop om seksueel misbruik te word. Die betrokke respondent het self as kind nie terapie of berading vir die misbruik ontvang nie en het met haar kind se bekendmaking al haar eie gevoelens en emosies van

destyds van vooraf aan herbeleef. Die respondent het dit gevolglik moeilik gevind om ondersteunend teenoor haar kind op te tree.

Nege van die respondente het bevestig dat hulle hewige emosionele onstabiliteit ervaar het. Twee van die respondente het op medikasie gesteun om hul gevoelens en emosies te beheer. Twee van hulle het ook aangedui dat hulle onbeheersd gehuil het en oorweldig depressief was.

- "Ek het dit moeilik gevind om met ander te kommunikeer oor die gebeure omdat ek konstant gehuil het na die bekendmaking."
- "Ek was so af en depressief gewees dat dit vir my baie moeilik was om met my ander kinders 'n genotvolle dag by die parkie deur te bring, niks het my laat beter voel, niks."

Die algehele psigiese impak van die bekendmaking van die seksuele misbruik van haar kind op die nie-beskuldigde ouer/voog was onstabiele emosies, 'n sterk gevoel van depressie, 'n gewaarwording van mislukking as ouer om die kind te beskerm, en sterk selfverwyt. "Guilt was one of the hardest issues for the subjects," beaam McCourt & Peel (1998).

Met die bekendmaking van die seksuele misbruik word die hele leefwêreld van die nie-beskuldigde ouer/voog omgekeer; in baie gevalle het heelwat dinge verander: woonplek, werk, woonbuurt, skool, sosiale kring en alle bekende aktiwiteite waaraan die gesin gewoond geraak het en wat deel uitgemaak het van hul daaglikse funksionering. "Significant life changes do occur following disclosure and can be anticipated as real life consequences." (Massat & Lundy, 1998:386.) McCourt en Peel (1998) voeg die volgende by in hierdie verband, "... there were common themes, with effects on health, finance, housing, work and career, marital relationships and personality." Hill (2001:386) voeg ook die volgende by ter stawing van hierdie stelling rakende die ontwrigting wat so 'n gebeurtenis meebring: "The sexual abuse of their children represents a fundamental crisis for women that threatens to be overwhelming and which has seriously disruptive long-term effects on their lives."

#### 7.2.2.2 Subtema 2: Impak op Emosionele Toestand

*Respondente vier, ses en tien* het met gevoelens van selfverwyt oor hul onvermoë om die kind te beskerm geworstel na die bekendmaking van die seksuele misbruik. Al twaalf respondente het ernstige emosionele trauma ervaar weens die bekendmaking.

Die opmerkings van vier van die respondente demonstreer hierdie vroue se selfverwyt en trauma:

- "Sal sy my ooit weer as haar ma en beskermheer kan vertrou, na wat gebeur het."
- "Die gesin het my verwyt en verstoot omdat ek nie daar was nie, ek neem hulle nie kwalik nie want ek was nie daar nie, kyk wat het gebeur."
- "Die ergste en grootste emosie waarmee ek geworstel het, was die verwyt van my dogter en die gesin."
- "Ek het in my lewe nog nooit so alleen gevoel nie, daar was niemand wat ek vertrou het nie, ek was verlore en het niemand gehad waarop ek kon staatmaak of vertrou nie."

Vier van die twaalf respondente het bevestigend aangedui dat hulle nie hul emosies kon beheer nie, en wou na ŉ ruk nie meer aan hul emosies werk nie en het apaties opgetree.

In ŉ studie wat deur Mannarino, Cohen, Deblinger en Steer (2007:203) onderneem is, is gevind dat moeders van seksueel misbruikte kinders hoër vlakke van emosionele angs en depressie ervaar as moeders wie se kinders nie seksueel misbruik is nie.

Vir die ouers/voogde wat tot die besef gekom het dat hul kinders seksueel misbruik is, was dit baie traumaties en het dit ingrypende emosionele gevolge vir hulle ingehou. Wat egter hul bewusmaking vererger het, is die feit dat die publiek nie so ondersteunend is teenoor nie-beskuldigde ouers/voogde as wanneer die kind fisies seergekry het of ŉ siekte opgedoen het nie. In die studie wat gedoen is deur Massat en Lundy (1998:384) word bogenoemde stelling bevestig en daar word ook verder bevestig dat die ouer se selfverwyt oor haar onvermoë om haar kind te beskerm vererger word deur selfblaam,

selftwyfel en ŉ gevoel van mislukking wat hulle oorval. "Part of the guilt was blaming themselves, but also knowing that the child blamed them for not having known." (McCourt & Peel, 1998.)

Die betrokke ouers/voogde was dus nie daartoe in staat om hul kinders optimaal te versorg nie. Hulle het dit moeilik gevind om met die kinders te kommunikeer en het nie geweet hoe om hul eie of die kind se emosies en gevoelens te hanteer nie.

"Previous research has documented that non-offending parents often experience secondary trauma from disclosure of child sexual abuse." (Newberger et al. 1993) soos saamgevat in (Massat & Lundy, 1998:385). Die ouers/voogde ervaar oorweldigende gevoelens van skuld, vrees, woede en haat. Hulle word ook in sommige gevalle weer gekonfronteer deur die gevoelens en emosies van hul eie seksuele misbruik as kinders. Dus word hulle sekondêr getraumatiseer en ervaar hulle al hul emosies en gevoelens wat hulle as kinders self nie verwerk het met hul eie seksuele misbruik nie.

#### 7.2.2.3 Subtema 3: Impak op Finansiële Toestand

Slegs *respondent ses* het geen finansiële probleme ondervind na die bekendmaking van die seksuele misbruik nie. Elf van die respondente het egter matige finansiële probleme na die bekendmaking van die seksuele misbruik ondervind.

Ses van die respondente het gestaaf dat hulle moes betaal vir die sielkundige assesserings wat die betrokke kinders moes ondergaan. Vyf van die respondente het tyd van die werk afgeneem om die kinders by te staan wat tot gevolg gehad het dat hulle nie ŉ volle salaris betaal is nie.

In drie gevalle waar die beweerde oortreder die broodwinner in die huis was, het hy alle finansiële ondersteuning aan die gesin gestaak toe hy uit die huis getrek het; die nie-beskuldigde ouer/voog was dus gelaat met geen inkomste en/of finansiële ondersteuning nie. Ter stawing hiervan word die woorde van drie van die respondente aangehaal;

- "Hy het bloot net sy tas gepak en by die deur uitgeloop. Hy het tot vandag nie ŉ sent vir my gegee vir die huis of die kinders nie."

- “Hy het ons met niks gelos na ek hom gekonfronteer het nie, niks. Ek kan nie eers sy ouers gaan vra vir hulp nie want hulle sukkel self so baie.”
- “Hy het net gesê, as dit die dank is wat ons hom gee sal ons nou voel, tot vandag het hy nog niks vir ons gegee.”

In twee van die gevalle waar die betrokke kinders by die skool seksueel misbruik is, moes die kinders die skool verlaat en na ŉ nuwe skool gaan. Dit het tot gevolg gehad dat nuwe skooluniforms aangekoop moes word en addisionele uitgawes aangegaan moes word.

- “Nuwe skoolklere en aansluitingsgelde moes in die middel van die jaar betaal word. Die ou skool het geen terugbetaling gemaak nie.”
- Ons moes geld bymekaar skraap om te sien dat hy in ŉ nuwe kleuterskool kon inkom.”

In ŉ studie wat deur Massat en Lundy (1998:373) uitgevoer is, is gevind dat die gesinne waar die oortreder nie ŉ familielid is nie, minder finansiële probleme ondervind het as dié waar die oortreder ŉ band gehad het met die gesin. In hul studie beaam hulle wel die negatiewe gevolge wat voorkom as die beweerde oortreder die hoof broodwinner van die huis is. In die studie van Massat en Lundy (1998:374) word daar ook melding gemaak van die impak wat die bekendmaking van die seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se werk en inkomste het, asook die tyd wat deur besoeke aan howe en terapeute in beslag geneem word. “Non-offending parents experienced a significant loss of income following disclosure.” (Massat & Lundy, 1998:379.)

### 7.2.2.4 Subtema 4: Impak op Fisiese Toestand

Al twaalf respondente het gestaaf dat hulle baie negatiewe fisiese gevolge gehad het na die bekendmaking van die seksuele misbruik. Nege van die respondente het probleme met slaaploosheid ondervind. Vier van die respondente het gestaaf dat dit vir hulle opmerklik was dat hulle geen fisiese krag gehad het om hul daaglikse take te verrig nie.

Nege van die respondente het ook gestaaf dat hulle probleme ervaar het met hulle diabetes en bloeddruk. Die respondente het ook ontstellende

spanningshoofpyne ontwikkel. Vier van die respondente het gewigsverlies getoon en eetversteurings ontwikkel.

Van die respondente het die volgende in hierdie verband geopper:

- “My suiker en bloeddruk het erger geword en my dokter het dadelik opgetel daar is iets fout by die huis, seker omdat ek gesit en huil het ook.”
- “Ek kon nie slaap nie, my hart het my baie probleme gegee.”
- “Ek was konstant moeg en uitgeput, het net geen krag gehad vir wat gedoen moes word nie.”
- “Ek het niks geëet nie, het net geslaap en probeer maak of niks gebeur het nie. Dit het veroorsaak dat ek baie gewig verloor het wat my suikerprobleme erger gemaak het.”

Slegs een respondent het angsaanvalle na die bekendmaking van die seksuele misbruik beleef.

- “Ek het eers nie geweet wat dit was nie, het eers later toe my buurvrou oorkom en my tot ruste kry, besef dat ek ’n angsaanval gehad het.”

Die nie-beskuldigde ouer/voog word ook gesien as die vergete slagoffer en/of die sekondêre slagoffer (McCourt & Peel, 1998). Hulle ondergaan geweldige stres wat ’n negatiewe uitwerking op hul gesondheid het. Die nie-beskuldigde ouer/voog ly baie aan slaaploosheid en eetversteurings wat tot gevolg het dat hul immuunstelsel nie sterk genoeg is om hulle deur die tyd van intense spanning gesond te hou nie.

### 7.2.3 Tema 3: Impak op die verhouding tussen betrokke kind en nie-beskuldigde ouer/voog

#### 7.2.3.1 Subtema 1: Aard van die verhouding tussen betrokke persone voor die bekendmaking van die seksuele misbruik

Elf van die respondente het bevestig dat hulle voor die bekendmaking van die seksuele misbruik baie goeie, positiewe en opbouende verhoudings met hul kinders gehad het. Ses van die respondente het verduidelik dat hulle baie oop en liefdevolle verhoudings gehad het. Al elf genoemde respondente het

daarop gewys dat hulle oop en goeie kommunikasie gehad het. Die volgende response is ontvang:

- “Daar is nie ŉ dag wat verby gegaan het wat ons nie gepraat het nie.”
- “Ons het ŉ punt daarvan gemaak om tyd te maak vir mekaar elke dag, om die dag se gebeure te bespreek.”
- “Badtyd was ons tyd, sy het dit so geniet as ek by haar sit in die badkamer en sy vertel van haar stories en speletjies van die dag.”
- “Hy het met elke naweek en vakansie wat hy huis toe gekom het, meer spontaan gepraat en gespeel met ons, ons het al begin dink hy kan terug kom huis toe.”

Slegs een van die respondente het genoem dat sy nie ŉ baie goeie verhouding met haar seun gehad het nie, weens die feit dat hy outisties is.

Alhoewel die betrokke kind outisties was, het dit geen verskil gemaak aan die wyse waarop die ouer die seksuele misbruik ervaar het nie, en was die betrokke ouer se emosies en reaksies met die bewusmaking van die seksuele misbruik in ooreenstemming met dié van die ander respondente.

#### 7.2.3.2 Subtema 2: Aard van die verhouding tussen betrokke persone na die bekendmaking van die seksuele misbruik

Vyf van die respondente het aangedui dat geen verandering na die bekendmaking van die seksuele misbruik in die verhouding wat hulle met hul kinders gehad het, ingetree het nie. Drie van die respondente het genoem dat hulle nog baie ondersteunend teenoor die betrokke kinders opgetree het en dat hulle nog goeie oop kommunikasie geniet het en ook dat die seksuele misbruik hulle nader aan mekaar gebring het. Die volgende response in hierdie verband is ontvang:

- “Ek het geen verandering opgemerk in die wyse waarop ons praat nie; ek voel in der waarheid eintlik baie nader aan my dogter na die gebeure.”
- ‘My seun is nog baie klein en hy sien vir my en pappa nog as sy beste maatjies by die huis, daar is geen opmerkbare verandering nie.”

- ‘Sy ken my in meer sake wat sy aanpak en bespreek meer dinge nou met my as wat sy gedoen het voor die voorval.”

Sewe van die respondente het egter aangedui dat hulle verhoudings met hul kinders negatief geaffekteer is deur die bekendmaking van die seksuele misbruik. “It is likely that the offender will have manipulated and weakened the mother/child relationship to his advantage.” (Lovett, 2004:368.) In sommige gevalle sal die beweerde oortreder die betrokke kinders van hul ouers vervreem om dus meer toegang tot die kinders te geniet en te verhoed dat die kinders dadelik die vrymoedigheid gaan hê om met hul ouers/voogde te praat oor die seksuele misbruik. Daar is volgens Massat en Lundy (1998:372) drie faktore wat bydra tot die kind se bekendmaking van die seksuele misbruik, naamlik die beweerde oortreder se beplanning rakende die seksuele misbruik, die wyse waarop die beweerde oortreder die verhouding en band tussen die ouer/voog verbreek om beter toegang tot die kind te geniet en laastens, die wyse waarop die beweerde oortreder die kind nader en behandel voordat die seksuele misbruik plaasvind.

Vier van die respondente het melding gemaak daarvan dat die seksuele misbruik die kinders verander het – dat die kinders nie meer dieselfde was nie. Twee van die respondente het ook gestaaf dat daar konstante konflik en spanning in die huis geheers het na die bekendmaking van die seksuele misbruik. Vier van die respondente het daarop gewys dat die betrokke kinders gevoelens van verwerping en verwyt teenoor hulle getoon het.

Die respondente het die volgende uitlatings ter stawing hiervan gemaak:

- “Sy kyk nie eers vir my nie, sy wil niks met my te doen hê nie.”
- “Sy is nie meer my dogter nie, iewers ten midde van die seksuele misbruik is my dogter ook gesteel en van my weg geneem.”
- “Daar word konstant oor als baklei in die huis, als is ŉ konstante oorlog.”
- “My dogter kyk wel vir my en wend ŉ poging aan om met my te praat maar die haat en verwerping is baie duidelik in haar oë. Glo nie ons sal ooit weer regkom nie. Ek verlang na my dogter, die dogter wat daai man gevat het.”

Twee van die respondente het skuldgevoelens gehad en het dit moeilik gevind om met die kind te kommunikeer en na aan die kind te wees.

- “Dit is nie my dogter wat die probleem is nie, my dogter reik uit na my maar ek kan nie nou liefdevol en ondersteunend wees nie. Ek het dit nie in my nie.”
- “My skuldgevoelens en my selfverwyt het dit vir my moeilik gemaak om na aan my kind te wees. Jy kan sê ek het in ŉ mate baie skaam gekry om na aan haar te wees.”

Die laaste twee respondente se stellings word beaam deur ŉ studie wat gedoen is deur Mannarino et al. (2007:209): “Instead these mothers may be less able to model effective coping for their children or may be less emotionally available because of their own depression which contributes to greater internalizing problems in the children.” Dit gaan ook ŉ invloed uitoefen op die verhouding wat opgebou word en/of herstel moet word na die bekendmaking van die seksuele misbruik. Volgens ŉ studie wat deur Kouyoumdjian et al. (2009:54) uitgevoer is, kan die ouers/voogde se negatiewe reaksies op en verwagtinge van die betrokke kinders ook daartoe lei dat die kind die seksuele misbruik nog meer negatief ervaar. Dus is die ouers se emosionele toestand en wyse waarop hulle hul kinders bystaan en ondersteun van die allergrootste belang, want dit bepaal die wyse waarop die kind die seksuele misbruik gaan verwerk.

Alaggia en Knott (2008:212) is van mening dat die tipe verhoudings en ondersteuningstelsels wat die betrokke persone deur hul lewe heen opbou, ŉ belangrike rol speel by die lang- en korttermyngevolge van seksuele misbruik.

Daar is ook bewyse gelewer daarvan dat die effek van die langtermyn-negatiewe gevolge vererger kan word deur die nie-ondersteunende optrede van ŉ nie-beskuldigde ouer/voog. Die kinders toon gevoelens van verwerping en blaam teenoor die betrokke ouers/voogde na die bekendmaking van die seksuele misbruik.

Van die respondente wat self ook as kinders seksueel misbruik was, het dit baie moeilik gevind om na die bekendmaking van die seksuele misbruik van

hul kinders hul gevoelens en emosies te verwerk. Hulle het dit ook baie moeilik gevind om met hul kinders te praat en hulle te troos.

Bogenoemde ervaringe word beaam deur ŉ studie wat gedoen is deur Hiebert-Murphy (1998) waarin die volgende bewys is: "The findings indicate that the distress experienced by mothers following a disclosure of sexual abuse is related to mothers' personal histories of child sexual abuse."

### 7.2.4 Tema 4: Uitkoms na die bekendmaking van die seksuele misbruik

#### 7.2.4.1 Subtema 1: Huidige versorgingsposisie van die betrokke kinders

*Respondent een* se kind is nie by hulle in die huis woonagtig nie – ook nie tydens die seksuele misbruik nie, aangesien dit by die kinderhuis waar hy gewoon het, plaasgevind het. Die betrokke kind woon steeds in die kinderhuis. In die twee gevalle waar die betrokke kinders reeds die huis verlaat het, is daar geen verandering in die versorgingsposisie van die kinders nie. In een van die gevalle is die betrokke kind deur lede van die gesin ingeneem en verkeer sy nie meer in die sorg van haar biologiese moeder nie. Die twee gevalle waar die kinders by die kleuterskool seksueel misbruik is, het die ouers/voogde die kinders na ŉ ander kleuterskool in die dorp verplaas. Na die bekendmaking van die seksuele misbruik is net een kind dus van haar versorgingsposisie verskuif.

#### 7.2.4.2 Subtema 2: Regstappe na bekendmaking

Vier van die gesinne het geen regstappe na die bekendmaking van die seksuele misbruik in werking gestel nie. In vyf van die gevalle word die bewerings van seksuele misbruik steeds ondersoek en is dit durende sake. Drie van die gesinne het wel sake teen die oortreders aanhangig gemaak, maar het dit later teruggetrek. In een van die gevalle het die betrokke kind sy/haar verklaring by die polisiestasie teruggetrek. In die twee ander gevalle het die betrokke gesin groot finansiële probleme ondervind en het hulle later die saak teruggetrek om finansiële hulp van die beweerde oortreder te bekom.

Vier van die gesinne het egskeiding tot gevolg gehad. Laasgenoemde word beaam deur ŉ studie wat gedoen is deur Mannarino et al. (2007:209) waar daar gestel is dat in meeste gevalle na die bekendmaking van seksuele misbruik waar die beweerde oortreder die eggenoot is, die saak op ŉ egskeiding uitloop. Massat en Lundy (1998:374) beaam die stelling en voeg die volgende by: "Non-offending parents often lose their intimate relationship if the partner is the offender, either through divorce, separation, or incarceration, or some combination of these." Die nie-beskuldigde ouer/voog word dan deur die realiteit gekonfronteer dat hulle ŉ enkelouer is – iets wat verder kan bydra tot die ouer/voog se gevoel van mislukking as ŉ ouer. Dit sal verder bydra tot die ouer/voog se depressie en meer spanning op die verhouding tussen die ouer/voog en die betrokke kind plaas.

## 8. GEVOLGTREKKINGS

Gebaseer op die resultate is die belangrikste gevolgtrekkings wat gemaak kan word soos volg;

- Die meerderheid nie-beskuldigde ouers/voogde het nie self tot die besef gekom dat hul kinders seksueel misbruik word/was nie. Hulle het slegs vreemde gedrag by die kinders opgemerk en die kinders daarna daarmee gekonfronteer. Die ouers het nie ŉ verband getrek tussen die kinders se vreemde gedrag en moontlike seksuele misbruik nie. Die ouers/voogde het nie die vrymoedigheid gehad om die kinders daarmee te konfronteer nie en was in sommige gevalle te bang om die waarheid te verneem.
- Al die respondente het oorreageer tydens die bekendmaking van die seksuele misbruik. Die respondente het gestaaf dat hulle wel rustig wou bly, maar dat dit vir hulle te moeilik geword het om hulle gevoelens en emosies te beheer.
- Die respondente het gevoelens van woede, wraak, haat en aggressie ervaar teenoor die beweerde oortreders. Die respondente het oorreageer maar het later in ŉ mate apaties opgetree omdat hulle nie meer aan hul gevoelens en emosies wou werk nie.
- Al die respondente het ŉ gevoel van mislukking en selfverwyt ervaar weens hul onvermoë om die betrokke kinders veilig te hou en die seksuele

misbruik te voorkom. Die impak van die bekendmaking van die seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigiese toestand was geheel en al negatief en het selfs jare na die bekendmaking van die seksuele misbruik voortgeduur. Daar is gevind dat hulle nie hul emosies of gevoelens kon beheer nie en hulle het aan depressie gely.

- Die impak van die seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se emosionele toestand was negatief. Die respondente kon nie hul emosies beheer nie, en was emosioneel uiters onstabiel.
- Die respondente het die impak op hul finansiële toestand ook besonder negatief ervaar. Hulle moes heelwat tyd van die werk afneem en het groot somme geld betaal vir assesserings en mediese ondersoeke. In sommige van die gevalle was die broodwinner van die huis die beweerde oortreder, wat daartoe gelei het dat die gesin se inkomste geheel en al van hulle weggeneem is.
- Die impak van die seksuele misbruik op die respondente se fisiese toestand was in die geheel besonder negatief. Die respondente het verskeie gesondheidsprobleme ondervind, onder ander diabetes, bloeddruk wat gedaal of gestyg het en hoofpyn. Van die respondente het ook melding gemaak van probleme met slaaploosheid, geen aptyt en geen fisiese krag om hul daaglikse take in en om die huis te verrig nie.
- Die respondente het melding gemaak van positiewe en opbouende verhoudings met die betrokke kinders voor die bekendmaking van die seksuele misbruik. Hulle het goeie en oop kommunikasie geniet. Die respondente het ook bevestig dat hulle besonder liefdevolle verhoudings met hul kinders gehandhaaf het.
- Die meeste respondente het genoem dat hulle na die bekendmaking van die seksuele misbruik besonder spanningsvolle verhoudings met hul kinders gehad het. Die respondente het ook melding gemaak daarvan dat hulle nie die kinders kon konfronteer nie en dat dié nie meer vir hulle "dieselfde" is nie. Die respondente het nie meer dieselfde liefdevolle en oop verhoudings met hul kinders geniet nie. Daar moet ook gelet word op die wyse waarop die kind vooraf deur die beweerde oortreder oorgehaal

en/of ge-“groom” word. In baie gevalle slaag die beweerde oortreder daarin om die verhouding tussen die betrokke kind en sy/haar ouers/voogde te vernietig om sodoende makliker toegang tot die kinders te bekom en self ŉ verhouding met hulle op te bou.

- Daar is gevind dat nie al die respondente die proses van aanmelding verstaan nie, moontlik as gevolg van die skoktoestand waarin hulle verkeer het. Hulle was nie vertroud met die prosesse wat gevolg moet word na die bekendmaking van seksuele misbruik nie.
- Die respondente het nie die nodige ondersteuning van hul gesin, uitgebreide familie, polisie of maatskaplike werkers wat by die saak betrokke was, ontvang nie.
- Respondente wat as kinders self ook seksueel misbruik is, het dit met die bekendmaking van die seksuele misbruik, baie moeilik gevind om hul gevoelens en emosies te beheer. Dit was ook vir hulle baie moeilik om na die bekendmaking, ondersteuning aan die betrokke kinders te bied.
- Die uitkomste van die regsake na die bekendmaking van die seksuele misbruik wissel tussen regstappe wat in werking gestel is en gevalle waar daar nie teen die beweerde oortreders opgetree is nie.
- In vier van die gevalle het die ouer/voog ŉ egskeiding versoek weens die feit dat die beweerde oortreder ŉ eggenoot was.
- Daar was geen drastiese veranderinge in die versorgingsposisies van die betrokke kinders nie. Slegs twee gesinne het van woning verander weens die feit dat die beweerde oortreder nie ŉ finansiële bydrae gelewer het tot die gesin se onderhoud nie en hulle hul woning dus moes afstaan.

## 9. AANBEVELINGS

Op grond van die bevindinge en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings aan die hand gedoen ten opsigte van die nie-beskuldigde ouer/voog, die betrokke kind en verdere navorsing op die gebied.

## 9.1 Algemene aanbevelings op makrovlak

- Voortgesette opleiding aan polisiebeamptes en distriksgeneeshere oor aanmeldingsprosedures en bekendmaking van seksuele misbruik aan die nie-beskuldigde ouer/voog.
- Nasionale riglyne aan al die welsynsorganisasies oor die hantering van die aanmeldingsprosedures en die stappe wat gevolg moet word na die bekendmaking van seksuele misbruik.

## 9.2 Aanbevelings ten opsigte van die nie-beskuldigde ouer/voog

- Die nie-beskuldigde ouer/voog het meer leiding en inligting nodig met betrekking tot die aanmeldingsproses en die stappe en prosedures wat na die bekendmaking van die seksuele misbruik gevolg moet word .
- Daar bestaan die behoefte aan meer effektiewe strukture en duidelike riglyne vir die nie-beskuldigde ouer/voog wat met aanmelding van ŉ seksuele misdaad teen hul kind(ers) gevolg moet word .
- Die Polisiekantoor behoort ŉ omvattende diens deur ŉ multi-professionele span wat saamgestel is uit ŉ forensiese maatskaplike werker, distriksgeneesheer, sielkundige, arbeidsterapeut, spraakterapeut, polisiebeamptes en regsgeleerdes. Hierdeur word die nie-beskuldigde ouer/voog en betrokke kind van die begin van die aanmelding deur die proses ondersteun om sodoende te verhoed dat die persone van een persoon na die ander verwys word.
- Die nie-beskuldigde ouer/voog moet berading in ŉ terapeutiese konteks ontvang om sodoende die trauma van die bekendmaking van die seksuele misbruik te verwerk.
- Ondersteuningsgroepe kan ook in werking gestel word om na bekendmaking en hofverrigtinge die nodige hulp en ondersteuning aan die nie-beskuldigde ouer/voog te bied.
- Tydens berading moet aandag aan die nie-beskuldigde ouer/voog se psigiese toestand, emosionele toestand, finansiële toestand en

gesondheid geskenk word; dus die ouer/voog se algehele welstand in hierdie traumatiese tydperk.

- Finansiële bystand kan gereël word om die nie-beskuldigde ouer/voog en die gesin te help indien die beweerde oortreder alle vorme van finansiële bystand aan die gesin staak.
- Na die bekendmaking van die seksuele misbruik het die nie-beskuldigde ouer/voog hulp en leiding nodig ten opsigte van die herstel en opbou van ŉ verhouding met die betrokke kind .
- Duidelikheid rakende die regstelsel is nodig en die regte van die kind en nie-beskuldigde ouer/voog om aan die ouer/voog die geleentheid te bied om ŉ ingeligte keuse te maak rakende die verloop van die kriminele saak en stappe wat gedoen kan word.

## 9.3 Aanbevelings ten opsigte van die betrokke kind

- Deurlopende terapie en ondersteuning moet in verskillende lewensfases aan die betrokke kind(ers) gegee word om die seksuele misbruik en die trauma wat daarmee gepaard gaan, te verwerk.
- Tweedens sal daar ook leiding en terapie aan die betrokke kind(ers) gegee moet word om hul verhouding en band met hul ouer/voog te herstel veral as dit vernietig is deur die aanvoorwerk (‘grooming”-proses) van die beweerde oortreder.

## 9.4 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

- Meer navorsing sal oor die impak van seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog as vader van die betrokke kind onderneem moet word.
- Forensiese Maatskaplike Werk is ŉ relatief jong spesialiteit in Suid-Afrika en daar is nie voldoende navorsing (dus bronne) oor die algehele impak van seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering in die Suid-Afrikaanse konteks beskikbaar nie.
- ‘n Longitudinale studie kan gedoen word op die nie-beskuldigde ouers/voogde van kinders wat seksueel misbruik is.

## 10. LEEMTES

Fouché en Delport (2005:353) is van mening dat die navorser binne die kwalitatiewe konteks sy/haar waardes, vooroordele en posisie in die navorsingsverslag moet aandui. Beperkings en leemtes word vervolgens voorgehou:

- Steekproeftrekking: Die streekproeftrekking is op ʼn nie-waarskynlikheidsbasis geïmplementeer en was doelgerig deurdat die respondente aan spesifieke eienskappe moes voldoen. Dit was egter moeilik om respondente te kry om aan die ondersoek deel te neem, aangesien die meerderheid kliënte wat genader was, voor die bekendmaking van die seksuele misbruik van hulle kinders reeds bewus was daarvan. Baie van die kliënte wat genader was, wou ook nie aan die ondersoek deelneem nie weens die sensitiwiteit van die onderwerp.
- Navorsingsprosedures: Selfontwerpte vraelyste is individueel met al die respondente deurgewerk. Die respondente het weggeskram van die moeilike en sensitiewe vrae – hulle was huiwerig om dit te beantwoord. Daar is baie tyd daaraan bestee om hulle op hul gemak te laat voel om openlik en maklik oor die onderskeie onderwerpe te praat.
- Interpretasie van die data: Geen gepubliseerde navorsing kon opgespoor word oor die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering voor die bekendmaking van die seksuele misbruik in Suid-Afrika nie. Daar is ook geen data daaroor ingesamel nie. Geen veralgemenings kan dus getref word met die data wat tydens die onderhawige ondersoek ingewin is nie.

## 11. SAMEVATTING

Die navorsing is onderneem ten einde die psigo-sosiale funksionering van die nie-beskuldigde ouer/voog na die bekendmaking van hul kind se seksuele misbruik te ondersoek.

Aan die hand van ʼn empiriese ondersoek is uitgewys dat die nie-beskuldigde ouer/voog gekonfronteer word deur verskeie emosies, gevoelens en besluite waarop hulle selde voorbereid kan wees.

Die sentrale teoretiese stelling, naamlik dat ŉ kind se seksuele misbruik ŉ effek het op die psigo-sosiale funksionering van die nie-beskuldigde ouer/voog, is bevestig.

Doelstellings en doelwitte wat gestel is ten aansien van die studie en die bereiking daarvan word voorgehou:

**Tema 1:** Om die reaksie van die nie-beskuldigde ouer/voog met die bekendmaking van die seksuele misbruik van hul kinders te bepaal.

**Subtema 1:** Met die wyse van bekendmaking is daar gevind dat die nie-beskuldigde ouers/voogde in heelwat van die gevalle nie self tot die besef gekom het dat hul kind(ers) seksueel misbruik is nie.

**Subtema 2:** Met betrekking tot die reaksie en gevoelens rakende die bewusmaking van die seksuele misbruik is daar gevind dat die ouers/voogde oorreageer het en nie hul gevoelens en emosies kon beheer nie. Die ouers/voogde het ook uitermatige gevoelens van skuld en woede teenoor hulleself en die beweerde oortreder ervaar.

**Tema 2:** Om die impak van die bewusmaking van die seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering na die bekendmaking van die seksuele misbruik te bepaal.

**Subtema 1:** Die bekendmaking van seksuele misbruik van die nie-beskuldigde ouers/voogde se kinders het op psigiese vlak daartoe gelei dat die ouers/voogde ŉ gevoel van mislukking en selfverwyt ervaar het weens hul onvermoë om hul kind(ers) teen die seksuele misbruik te beskerm. ŉ Algehele negatiewe impak is deur al die respondente ervaar.

**Subtema 2:** Die bekendmaking van die seksuele misbruik van die nie-beskuldigde ouers/voogde se kinders het op emosionele vlak daartoe gelei dat al die respondente negatiewe emosies beleef het en dit baie moeilik gevind het om hul emosies te beheer.

**Subtema 3:** Die bekendmaking van die seksuele misbruik van die nie-beskuldigde ouers/voogde se kinders het op finansiële vlak daartoe gelei dat die meerderheid van die ouers/voogde finansieël nadelig geraak is.

**Subtema 4:** Die bekendmaking van die seksuele misbruik van die nie-beskuldigde ouers/voogde se kinders het op fisiese vlak daartoe gelei dat die ouers/voogde se gesondheid in sommige van die gevalle wel nadelig geraak is – veral diegene wat diabetes- en hartprobleme ondervind het.

**Tema 3:** Om die impak van seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se verhouding met die betrokke kind te bepaal voor en na die bekendmaking van die seksuele misbruik, was bereik.

**Subtema 1:** Met betrekking tot die verhouding tussen die betrokke persone voor die bekendmaking van die seksuele misbruik, is vasgestel dat die persone goeie en opbouende verhoudings geniet het en geen kommunikasieprobleme ondervind het nie.

**Subtema 2:** Wat betref die verhouding tussen die betrokke persone na die bekendmaking van die seksuele misbruik is gevind dat die ouers/voogde se verhoudings met hul kind(ers) nadelig geraak is en dat die ouers/voogde en die betrokke kinders dit moeilik gevind het om met mekaar te kommunikeer. In sommige van die gevalle kan die verhoudingsprobleme tussen die betrokke persone langdurig wees en kan dit toegeskryf word aan die aanvoorwerk ("grooming"-proses) van die beweerde oortreder wat juis ten doel gehad het om die verhouding tussen die ouer en die kind te vernietig.

**Tema 4:** Om die uitkomste van die regsaspekte van die verskeie sake te bepaal na die bekendmaking van die seksuele misbruik.

**Subtema 1:** Die huidige versorgingsposisie van die betrokke kind(ers) na die bekendmaking van die seksuele misbruik is ondersoek en daar is gevind dat een kind in alternatiewe sorg geplaas is en dat die huislike omstandighede van die oorblywende kinders nie aansienlik verander het nie. In enkele gevalle het die gesinne wel verhuis weens finansiële nood wat ingetree het.

**Subtema 2:** Met die ondersoek na die regstappe wat na die bekendmaking van die seksuele misbruik in werking gestel is, is daar vasgestel dat daar nie na behore teen die beweerde oortreders opgetree is nie en dat die ouers/voogde nie volgehou het met die sake wat hulle aanhangig gemaak het nie.

Aanbevelings is aan die hand gedoen ten opsigte van die nie-beskuldigde ouer/voog, die betrokke kind en die verdere navorsing wat nog op hierdie gebied gedoen kan word.

Ter afsluiting wil die ondersoeker die mening uitspreek dat die nie-beskuldigde ouer/voog nie die nodige hulp en ondersteuning na die bekendmaking van die seksuele misbruik ontvang nie. Die nie-beskuldigde ouer/voog word deur die gesin en samelewing verstoot en blameer vir die seksuele misbruik van hul kind en word as medepligtige beskou. Die ouer/voog het hul eie gevoelens en emosies om te moet verwerk en sin daarvan te maak en moet terselfdertyd sterk staan om die betrokke kind se onthalwe en moet hom/haar ook deur die moeilike tyd ondersteun. Die nie-beskuldigde ouer/voog word in die proses verwaarloos en hul behoeftes en belange word nie in berekening gebring nie. Die nie-beskuldigde ouer/voog word nie net deur seksuele misbruik van hul kind gekonfronteer nie, maar ook deur die realiteit van 'n verhouding of huwelik wat tot niet gaan en op sy beurt kan lei tot 'n gebroke huis en finansiële bekommernisse.

Die nie-beskuldigde ouer/voog word oorweldig deur al die gevoelens, emosies en keuses wat binne 'n baie kort tydsbestek gemaak moet word in 'n stadium wanneer hy/sy nie daartoe in staat is om sulke besluite te neem nie.

## 12. BRONNELYS

ALAGGIA, R. & KNOTT, T. 2008. Handbook of social work in child and adolescent sexual abuse. The Haworth Press, Taylor & Francis Group.

ANON. 2004. Sexual Abuse: a theoretical perspective. Chapter 2. [Web:] http://etd.rau.cc.za/theses./available/etd-03152004-104107/restricted/Grace2.pdf [Datum van gebruik: 8 April 2008].

BAKER, A.W. & DUNCAN, S.P. 1985. Child sexual abuse. Study of prevalence in Great Britain. *Child Abuse and Neglect*, 9(4):457-468.

BOLEM, R.M. 2001. Child sexual abuse: its scope and our failure. New York: Kluwer Academic/ Plenum Publishers.

BOLEM, R.M. & LAMB, J.L. 2007. Can non offending mothers of sexually abused children be both ambivalent and supportive? *Child Maltreatment Journal,* 12(2):191-197, May.

CALDER, M.C. 2000. The complete guide to sexual abuse assessment. Dorset: Russel House Publishers.

CRESWELL, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. University of Nebraska: Lincoln.

CROSSON-TOWER, C. 2002. Understanding child abuse and neglect. Boston: Allyn & Bacon.

DAVIES, M.G. 1995. Parental distress and ability to cope following disclosure of extra-familial sexual abuse. *Child Abuse & Neglect*, 19(4):399-408.

DE JONG, R.C., MONETTE, R.D. & SULLIVAN, J.T. 2005. Applied social research: a tool for the human services. Thomson: Brooks & Cole.

DOEBLER-IRVINE. E. 1996. The parents' experiences project: experiences of non-accused parents after learning of their children's sexual abuse. Kansas. Kansas State University.

DOYLE, C. 1994. Child sexual abuse: a guide for health professionals. London: Chapman & Hall.

DUNCAN, K. A. 2001. The impact of sexual abuse on parenting: a female perspective. Article 58. [Web:] http://www.counselingoutfitters.com/vistas/vistas05/Vistaso5.art58.pdf [Datum van gebruik: 8 April 2008].

ELLIOTT, M. 1986. Keeping safe: A practical guide to talking to children. London: Bedford Square Press.

FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. In-depth review of literature. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at Grassroots: for the social sciences professions. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. 123-131.)

GREEFF, M. 2005. Information collection: interviewing. (*In* De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.S.L., eds. Research at Grassroots: for the social sciences professions. Pretoria: Van Schaik Uitgewers. 286-313.)

HERSHKOWITZ. I. 2009. Socio-emotional factors in child sexual abuse investigations. *Child Maltreatment Journal*, 14(2):172-181, May.

HIEBERT-MURPHY, D. 1998. Emotional distress among mothers whose children have been sexually abused: the role of a history of child sexual abuse, social support, and coping. *Child Abuse & Neglect*, 22(5):423-435.

HILL, A. 2001. No-one else could understand: women's experience of a support group run by and for mothers of sexually abused children. *British Journal of Social work*, 31:385-397, Apr.

HUSS. M.T. 2009. Forensic Psychology: research, clinical practice, and applications. Creighton University. John Wiley & Sons, Ltd., Publications.

KOUYOUMDJIAN, H., PERRY, A.R. & HANSEN, D.J. 2009. Non-offending parent expectations of sexually abused children: predictive factors and influence on children's recovery. *Journal of child sexual abuse*, 18:40-60.

LE ROUX, J. & FERREIRA, S.B. 1999. Die aard van die rouproses by die ouers van seksueel gemolesteerde kinders. *Maatskaplike Werk-Navorser-Praktisyn,* 11(3):137.

LOVETT, B.B. 2004. Child sexual abuse disclosure: maternal response and other variables impacting the victim. *Child and Adolescent Social Work Journal*, 21(4):355-371, Aug.

MANNARIO, A.P., COHEN, J.A., DEBLINGER, E. & STEER, R. 2007. Self-reporting depression in mothers of children who have experienced sexual abuse. Journal of Psychopathol Behaviour Assessment, 29:203-210, Jan.

MANION, I.G., McINTYRE, J., FIRESTONE, P., LIGEZINSKA, M., ENSOM, R. & WELLS, G. 1996. Secondary traumatization in parents following the disclosure of extra familial child sexual abuse: initial effects. *Child Abuse & Neglect,* 20(11):1095-1109.

MASSAT, C.R. & LUNDY, M. 1998. Reporting costs to non-offending parents in cases of intrafamilial child sexual abuse. *Child Welfare League of America*, LXXVII(4):371-388, July/Aug.

McCOURT, J. & PEEL, J.C.F. 1998. The effects of child sexual abuse on the protecting parent(s): Identifying a counselling response for secondary victims. *Counselling Psychology Quarterly*, 11(3):283, Sept.

NEUMAN, W.L. 2000. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. Boston: Allyn & Bacon.

PIERCE, L. & BOZALEK, V. 2003. Child abuse in South Africa: an examination of how child abuse and neglect are defined. *Child Abuse and Neglect,* 28 (24) 817-832.

REYNEKE, J.M. & KRUGER, H.B. 2006. Sexual offences court: Better justice for children. *Journal for Juridical Science,* 31(2):73-107.

RICHARD, M. & GRINNELL, J.R. 2001. Social work research and evaluation. Quantitative and qualitative approaches. Illinois State University: Thomson-Brocks.

ROSSOUW, D. 2003. Intellectual Tools: skills for the human sciences. Pretoria. Van Schaik Uitgewers.

ROYSE, D. 2004. Research methods in social work. Chicago: Nelson-Hall.

SA kyk Suid-Afrika.

SPIES, G.M. 2009. Restorative justice: a way to support the healing process of a child exposed to incest. *Acta Criminologica*, 22(1):15-24.

STRYDOM, H. 1999. Maatskaplikewerk navorsing (MWK 321/411). Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat D134/99).

SUID-AFRIKA. 2006. Children's Act. (Proklamasie no. 38 van 2005.) Staatskoerant, 28944:492, 19 Junie.

VAKTAALKOMITEE. 1995. Nuwe woordeboek vir Maatskaplike werk. Kaapstad: CTP Book Printers.

VAN ROOYEN, I.J.J. & COMBRINK, M.J. 1980. Gevallewerk: 'n integrerende benadering. Pretoria: ACADEMICA.

VOICES FOR CHILDREN. 2000. Child sexual abuse prevention initiatives. Child and family: Canada. [Web:]

http://www.cfc-efc.ca/docs/vocfc/00000069.htm [Datum van gebruik: 15 April 2008].

WEYERS, M.L. 2001. Demarcating the field of forensic social work in South Africa: A basis document. Document presented to the SACSSP. July 2001

# ADDENDUM A

# ONDERHOUDSKEDULE

Die effek van 'n kind se seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering

**Skedule van vrae aan deelnemers**

Stap 1: Verduideliking van die etiese verantwoordelikhede en konfidensialiteit aan die deelnemers

- Wat behels konfidensialiteit, anonimiteit en privaatheid.
- Hoe die deelnemers se privaatheid gerespekteer en verseker sal word.
- Daar sal 'n kort omvang en samevatting van die doel van die studie aan die deelnemers weergegee word.
- Die deelnemers sal die geleentheid gebied word om enige vrae te vra voor die aanvang van die onderhoud.
- Toestemming om die onderhoud op band op te neem sal ook verkry word.
- Teken van die toestemming dokument deur die deelnemers

Identifiserende besonderhede van deelnemers

1. Naam en Van.......................................................................................
2. Ouderdom van ouer..............................................................................
3. Ouderdom van betrokke kind...............................................................
4. Duur van seksuele misbruik ................................................................
5. Verwantskap tot kind ...........................................................................
6. Beweerde oortreder se verwantskap tot kind ......................................
7. Ouderdom van kind met die aanvang van die seksuele misbruik ..............
8. Dink terug aan die tyd toe Mnr/Mev uitgevind het van die seksuele misbruik, vertel hoe dit gebeur het en wat daartoe gelei het?

.........................................................................................................................

.........................................................................................................................

.........................................................................................................................

.........................................................................................................................

.........................................................................................................................

.........................................................................................................................

.........................................................................................................................

9. Kan Mnr/ Mev onthou hoe u gereageer het?

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

.........................................................................................................................

10. Wat was die impak van die bekendmaking op Mnr/ Mev se psigiese toestand?

| Goed | Sleg | Stabiel | Baie emosioneel | Depressief |
|---|---|---|---|---|

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

.............................................................................................................

11. Wat was die impak van die bekendmaking op Mnr/ Mev se emosionele toestand?

| Goed | Sleg | Stabiel | Baie emosioneel | Depressief |
|---|---|---|---|---|

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

12. Wat was die impak van die bekendmaking op Mnr/ Mev se finansiele toestand?

| Goed | Sleg | Stabiel | Onveranderd | Inkomste verloor |
|---|---|---|---|---|

..............................................................................................................

..............................................................................................................

..............................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

13. Wat was die impak van die bekendmaking op Mnr/ Mev se fisiese toestand (gesondheid)?

| Goed | Sleg | Stabiel | Geen probleme | Baie siek geword |
|---|---|---|---|---|

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

14. Beskryf Mnr/ Mev se verhouding met die betrokke kind voor die bekendmaking van die seksuele misbruik?

| Goed | Sleg | Stabiel | Liefdevol, goeie band | Nie goeie verhouding |
|---|---|---|---|---|

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

15. Beskryf Mnr/ Mev se verhouding met die betrokke kind na die bekendmaking van die seksuele misbruik

| Goed | Sleg | Stabiel | Liefdevol, goeie band | Nie goeie verhouding |
|---|---|---|---|---|

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

.......................................................................................................

16. Watter stappe is geneem, indien enige, teen die beweerde oortreder na die bekendmaking van die seksuele misbruik?

.......................................................................................................

.......................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

17. Hoe is die lewenstandaard in die huis geaffekteer na die bekendmaking van die seksuele misbruik?

| Goed | Sleg | Stabiel | Geen verandering | Baie veranderinge |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

.........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

18. Watter aanpassings moes gemaak word in die huis?

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

.........................................................................................................

..........................................................................................................

..........................................................................................................

# ADDENDUM B

# TOESTEMMINGSBRIEF

Die effek van 'n kind se seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigo-sosiale funksionering

| Ingeligte toestemming deur deelnemers |
| --- |

Hiermee verleen ek, Naam en Van…………………………………………............... toestemming aan Me Charlene de Koker, maatskaplike werker werksaam by NG Welsyn Randfontein om alle inligting wat ingewin word deur die ondersoek te gebruik. Me Charlene de Koker het alle aspekte rakende konfidensialiteit, anonimiteit en vertroulikheid bespreek en verduidelik. Toestemming word ook verleen om die onderhoud op band op te neem. Deelname aan die ondersoek geskied uit vrye keuse. Ek verstaan dat ek ter enige tyd uit die ondersoek kan onttrek.

Geteken te .................................. op die.................. dag van.....................20

...........................................
Handtekening van deelnemer

# ADDENDUM C

# VERKLARING VAN TAALVERSORGER

30 Oktober 2010

Hiermee verklaar ek, **me Cecilia van der Walt**, dat ek die **taalversorging** van die **skripsie** van **me C de Koker**, getitel ***Die effek van 'n kind se seksuele misbruik op die nie-beskuldigde ouer/voog se psigososiale funksionering,*** behartig het.

**ME CECILIA VAN DER WALT**

**HOD, BA**
**Plus Taalversorging en vertaling op Hons-vlak,**
**Plus Akkreditering by SAVI vir Afrikaans**
**Registrasienommer by SAVI: 1000228**

**Epos-adres:** ceciliavdw@lantic.net

**Selnommer:** 072-616 4943 (S)
**Faksnommer:** 086 578 1425